# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXII Nr 12 PRYS 10c

VRYDAG, 25 AUGUSTUS 1978


# RAAD ERNSTIG EN SINVOL VERKIES

**Nuut**



*Die pas verkose Studenteraad hier afgeneem net na die uitslae bekend geword het. Agter verskyn Frans Roelofse, Frikkie Landman, Hilgard Bell, Tinie Muller, Tollie Oosthuizen, Etienne Rabe, Nic Koornhof, Renier Koegelenberg en Pieter Stofberg. Voor sit Piet Delport, Piet Kleyn, Jan de Wet en Deon de Kock.*

DEUR DIE NUUSREDAKTEUR

DIE studenteraadsverkiesing van 1978 is iets van die verlede en 'n nuwe termyn lê voor die deur. Geskiedenis is in verskeie opsigte gemaak. Bruin studente het vir die eerste keer aan die verkiesing deelgeneem, Stellenbosch het sy eerste blinde SR-lid gekry, en vir die eerste keer is 'n tweedejaar tot die Raad verkies.

Oor die algemeen blyk dit dat die Studente-unie die verkiesing in 'n meer ernstige lig beskou het as in die verlede, alhoewel die stempersentasie van 51,28% laer is as verlede jaar se 55,53%.

Jan de Wet, die enigste oud-SR lid (1976/77 termyn), het daarin geslaag om die meeste stemme (3 138) op hom te verenig. Tweede was Frans Roelofse (3 020) en derde Piet Stofberg (3 014). Merkwaardige prestasies is voorwaar die van Piet Stofberg en Deon de Kock. Piet Stofberg is die eerste blinde persoon en Deon de Kock die eerste tweedejaar wat nog ooit tot die studenteraad van Stellenbosch verkies is. Hierdie twee individuele prestasies sal nie maklik in die toekoms ge-ewenaar kan word nie.

Die verkiesingsveldtog het ongeveer twee weke gelede amptelik begin met koshuisbesoeke deur 17 kandidate (sien berig hiernaas oor die kandidatuur van Andrew Donaldson). Die koshuisbesoeke is vanjaar in net meer as 'n week afgehandel in vergeleke met die verlede waar dit in meer as twee weke afgehandel is. Die koshuisbesoeke het die potensiaal om baie geslaagd te wees en die ideaal bestaan dat die kandidate daar beter bekend gestel word en hul standpunte op 'n meer informele vlak vasgestel kan word. Die belangstelling het gewissel van goed tot baie swak in sommige dameskoshuise. Die koshuisbesoek om 18h00 uur moet ook onder die vergrootglas geplaas word, want sportverpligtinge van die kandidate en die studente het tot gevolg dat dit nie na wense ondersteun word nie.

Die hoogtepunt in die verkiesingveldtog was die "sirkus" wat op Maandagaand in die D.F. Malan Gedenksentrum gehou is. Die onlangse woelinge in die studentepolitiek het daartoe gelei dat op vanjaar se voorstelling meer indringende vrae gevra is, maar die luimigheid was glad nie uitgesluit nie. Heraffiliasie by die ASB en die verhouding tussen blank, bruin en swart was sake wat die meeste prioriteit geniet het. Die tendens om die pittigheid in die "sirkus" te behou, moet egter bevraagteken word aangesien daar waarskynlik geen korrelasie bestaan tussen die bekwaamheid van 'n kandidaat en sy vermoë om 'n gepaste antwoord op 'n belaglike vraag te gee nie.

Geplante vrae was vanjaar minder, dog was steeds nie afwesig nie. Dit is ontstellend dat in sommige gevalle, ten spyte van die feitlike vrae deur die vraestellers, die kandidate heeltemal ontwykend antwoord en sodoende die Studente-unie onder valse voorwendsels bring. Lg. het beslis sy kop uitgesteek op die afgelope "sirkus" en die vraesteller moet geleentheid gebied kan word om die kandidaat te korrigeer as hy homself bevoordeel deur valse inligting te verskaf.

**Hierdie uitgawe is die laaste van die huidige redaksie. Die volgende uitgawe sal oor ongeveer drie weke – ná die aanstelling van die nuwe redaksie – die lig sien.**

Dit is interessant dat Eendrag en Majuba beide twee kandidate in die Raad het. Die Mediese satellietkampus het twee teenoor die drie van die vorige termyn. Wat die verteenwoordiging van die studierigtings betref, is die Teologiese Kweekskool (5) die beste verteenwoordig, gevolg deur Regte (4), Medies (2), Ingenieurswese (1) en Landbou (2).

Op die oggend van die verkiesing is 'n vlugskrif, onderteken deur Louise Treurnicht, in die dameskoshuise versprei. Aangesien die dames se belangstelling in studente aangeleenthede glad nie bo verdenking is nie, kan daar gerus deur die nuwe Raad gepoog word om die belangstelling by dames aan te wakker en dat die verspreiding van so 'n skrif dan onnodig sal wees, en hoegenaamd geen bestaansreg regverdig nie. Interessant is ook dat Ilse Treurnicht verlof by die Stembuskomitee verkry het om ook 'n vlugskrif te versprei, maar dit is ter elfde ure teruggehou.

In die geheel kan dus gesê word dat alhoewel die stempersentasie laer was as in die verlede, die Studente-unie in goeie getalle aan die verkiesing deelgeneem het, nadat allerweë aanvaar is dat die stempersentasie vanjaar merkwaardig sou daal. Die betrokkenheid van studente rakende politieke aangeleenthede? – Baie bemoedigend.

Jan de Wet het na sy verkiesing aan *Die Matie* gesê:

- "Die koshuisbesoeke was vir my heerlik, die sirkus 'n mislukking en die hoë stempersentasie dus 'n geweldige verrassing."

Piet Stofberg het hom as volg uitgelaat:

- "Ek stel die vertroue wat in my gestel is, hoog op prys en ek aanvaar my taak as 'n besondere uitdaging."

'n Opgewonde Deon de Kock het gesê:

- "Baie dankie vir die vertroue; ek is verras, maar sien kans vir die groot verantwoordelikheid."

### UITSLAE

Só lyk die volledige uitslae:

| | | |
|---|---|---|
| Jan de Wet | 3138 | 62.00% |
| Frans Roelofse | 3020 | 59,66% |
| Piet Stofberg | 3014 | 59,55% |
| Nic Koornhof | 2853 | 56.36% |
| Piet Kleyn | 2810 | 55,52% |
| Hilgard Bell | 2729 | 53,92% |
| Deon de Kock | 2390 | 47,22% |
| Etienne Rabe | 2369 | 46,80% |
| Tinie Muller | 2261 | 44,67% |
| Tollie Oosthuizen | 2261 | 44,67% |
| Renier Koegelenberg | 2192 | 43,31% |
| Piet Delport | 2125 | 41,98% |
| Frikkie Landman | 2057 | 40,64% |
| Piet Naude | 2045 | 40,40% |
| Hendrine de Wit | 1765 | 34,87% |
| Andrew Donaldson | 1581 | 31,23% |
| Rainer Kloos | 733 | 14,48% |
| Dawie Jonker | 414 | 8,18% |

## HULDE

***Die Matie* wil hiermee hulde bring aan die ontslape Staatspresident, Dr. Nico Diederichs en ons meegevoel betuig aan al sy naasbestaandes.**



*'n Deel van die massa tydens die sirkus Maandagaand.*

# Studentehof sê ja vir Andy

DIE kandidatuur van Andy Donaldson was eers Maandagmiddag, drie ure voor die sirkus, 'n finale werklikheid. Voor dit was sy nominasie as ongeldig deur die stembuskomitee verklaar en nadat die studentehof dit geldig verklaar het, is ge-appelleer. Die appèlhof het eers Maandag gesit.

Mnr. Donaldson se nominasie is deur die stembuskomitee afgewys op grond daarvan dat een van die sekondante se handtekening na 16h00 aangebring is op nominasiedag. Mnr. Donaldson het egter voor dié tyd die stembuskantoor binnegegaan, wagtende op mnr. Willie Jonker om hom te sekondeer. Toe mnr. Jonker nie opdaag nie, en die tyd reeds verstryk het, is mnr. Dieter Petzsch nader geroep om as sekondant te teken.

### DISKRESIE

Ingevolge die beslissing van die studentehof, moes die stembuskomitee egter sy diskresie gebruik het – en mnr. Donaldson se nominasie aanvaar het.

### APPÈLHOF

Appèl is daarna aangeteken, maar dié appèl het voor 'n hof, bestaande uit dosente van die Regsfakulteit, misluk.

Mnre. Jan-Hendrik Munnik, Rupert Worsedale en Hennie Pretorius was mnr. Donaldson se regsverteenwoordigers en mnre. Reenen Barry en Eitel Kruger het vir die Stembuskomitee opgetree.

UNIEK



'n Foto geneem tydens die Stellenbosse Koorvereniging (o.l.v. Pieter van der Westhuizen) en die Kruik-orkes se uitvoering van "Ein Deutches Requim" van Johannes Brahms. Die uitvoering het plaasgevind in die Endlersaal van die Konservatorium op 12 Augustus. As soliste het opgetree: Bernhard de Clerk (bariton) en Virginia Oosthuizen (sopraan).

# PLEIDOOI VIR KUNSBLAD VERSTERK

DEUR WILLIE VAN DER MERWE

IN die vorige uitgawe van *Die Matie* (Vrydag, 11 Augustus 1978) is onder die opskrif **"Kuns lei skade – blad bepleit"**, krities gekyk na "die hantering van studente se kunsbelange" op Stellenbosch. Aan die einde is "'n publikasie wat al die kunsaktiwiteite saamsnoer", voorgestel.

As motivering is o.a. gesê: "In kunskringe word die behoefte aan so 'n gemeenskaplike mondstuk al sterker gevoel. 'n Klein onder-afdeling jaarliks in die *SS* is maar 'n powere weergawe van die kunslewe op Stellenbosch. Deur die daarstelling van 'n volwaardige kunsblad kan hierdie probleem reggestel word." Die berig en die spesifieke voorstel van 'n kunsblad het wye reaksie uitgelok. Uit briewe wat ontvang is, blyk dat studente die voorstel sterk ondersteun en die deurvoering daarvan bepleit.

Uiteraard kan al die briewe nie geplaas word nie. Onder diegene wat gereageer het, tel egter toonaangewende skeppende studente: Marlene van Niekerk, Etienne van Heerden, Pine Pienaar; Voorsitters en bestuurslede van kunsverenigings: Andrew Donaldson *(Voorsitter: USAT)*, Joan Hambidge *(Voorsitster: ASK)*, Rita Barnard *(Bestuurslid: English Society)*, Redakteurs van publikasies: Johan Dill *(Die Taak)*, Deon van Niekerk *(Dinamiek)* en 'n fakulteitsverteenwoordigster van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Willemina van der Harst *(Filosofie)*. 'n Paar van hierdie persone word hieronder geredigeerd weergegee.

Etienne van Heerden skryf:

*'n Blad wat hom met die kuns bemoei sal net help om die algemene debat op Stellenbosch, wat geneig is om vas te steek by ASB-heraffiliasie, die Grondwetplan, damesreëls en LSS-pryse, op te kikker. 'n Werklike bedrywigheid rondom die kunste, en spesifiek die letterkunde, is Stellenbosch se lokale Sahara, met hier en daar 'n sonbesie en net een oase – USAT se dramafees. Die res is mirage. Die ASVS se rol t.o.v. die kuns, en hy vaar onder die vaandel van kultuur, wys net weer eens dat geïnstitusionaliseerde kultuur mettertyd uitsluitlik stink na politiek.* **Penseel** *bly 'n inteel van dieselfde trop – beide wat skrywers, lesers en resensente aanbetref. Ons is nou-al almal moeg vir mekaar se stambome en nuwe bloed moet bygebring word deur meer energiek te soek na skrywers (wat bestaan, maar te skugter is); na 'n wyer leserskring (wat wil lees, maar te lui is om die Wilcocks-kantoorgarde te gaan opsoek) en na kritici (wat 'n beter resensie kan lewer as die huidige geklets) maar nooit gevra word nie. Omdat bestaande kanale dus nie hul werk doen nie, kan 'n kunsblad definitief bestaansreg hê. As die blad hom self eers bewys het, kan dit tesame met* Die Matie, *die* SS, Akkerjol *en* Matie-dagboek *by die regiemente ingevoeg word as breëre kunspublikasie. Dit sal vir* Penseel *en* Die Matie *se kunsbladsye 'n gespreksgenoot gee en baie nodige reën bring in die droë skiereiland van skeppende werk.*

Andrew Donaldson *(Voorsitter: USAT):*

*Mnr. van der Merwe het dit reg waar hy dit stel dat "daar veel meer kan tereg kom van die Stellenbosse studente se kunsbelange. "Die voorstel dat 'n kunsblad daar gestel kan word, het baie meriete. Die belangrikheid van 'n kunsblad op die "akker" is veral daarin geleë dat dit 'n forum kan skep vir kritiese debat oor Stellenbosch se kunsaktiwiteite. Studente moet tot die besef kom dat hulle 'n groter rol het om te speel in die evaluering van dit wat in die H.B. Thom Teater, Die Libertas Teater, Die Konservatorium en die kunsateljee aangebied word. Wat die redaksie van só 'n blad aan betref, kan redaksionele verteenwoordigers van die betrokke kunsverenigings 'n bydrae tot effektiewe skakeling lewer.*

Willemina van der Harst *(Fakulteitsverteenwoordigster: Lettere en Wysbegeerte:*

*"There are seven creative 'powers' present in Stellenbosch: English-, German- (DASUS) and Afrikaans initiative, Music, Drama and Fine Arts. Differing in media, they all contribute to reflecting our own particular and unique national culture. Why they should all choose to isolate themselves by keeping to their own limited circles (angles! ), I can hardly understand. If these circles could be brought together to overlap (take note SRC! ) it could only lead to a general enriching and enhancing of cultural endeavour as a whole. I therefore fully support Mr van der Merwe's proposal of a completely new Art Publication in which all the arts could be faithfully represented, to stimulate beneficent criticism in the whole.*

### AFWAGTING

**Hiermee glo ek is die nodigheid van die "daarstelling van 'n volwaardige kunsblad", soos dit in die vorige berig bepleit is, duidelik geartikuleer. Daar word met hoopvolle afwagting gekyk na die reaksie van die pas verkose** ***SR*** **rakende hierdie pleidooi uit die studentegemeenskap wat hulle verteenwoordig.**

## APOLOGIE

IN 'n berig met die opskrif **"Lammie wil skrywers lamlê"** van *Die Matie* (11 Augustus 1978) spreek ek my sterk uit teen die gedrag van lede van die gehoor tydens Regter Snyman se optrede by die N.P. van Wyk Louw Gedenklesing. Ek sonder Marlene van Niekerk spesifiek uit. Na reaksie vind ek dit nodig om haar hiermee om verskoning te vra en te verklaar dat my uitspraak rakende haar onvanpas was.
**Willie van der Merwe.**

# Belofteryke studentedigter geniet erkenning

IN die loop van drie agtereenvolgende uitgawes van *Penseel* is met groeiende verwagting kennis geneem van die werk van A.D. Pienaar. Ook in die resensies van hierdie uitgawes is Pienaar uitgesonder as een van ons studentedigters wie se werk die meeste potensiaal toon. *Die Matie* verleen graag op hierdie manier erkenning aan hom.

Toe Pine Pienaar in st. 2 was het sy eerste geskrif betiteld *Die Ou Man* die lig gesien. (Hy wil dit weggooi maar sy ma steek dit êrens weg.) 'n Paar jaar gelede het hy weer begin skryf – en vir die eerste maal gepubliseer in die *Penseel* van oorgang 1977/1978. Onder die temas wat hy dikwels gebruik, tel die kortstondigheid van die liefde en die verlore jeug.


Baie van sy verse handel oor die skryfproses self. Pienaar is behep met woord en klank (en is miskien in hierdie verband tot 'n mate beïnvloed deur Jaap Steyn.) In die volgende klein ars poetica weerspieël hy hierdie "beheptheid" – soos hy dit self noem – en spot 'n bietjie met homself:

*dronkliedjie*
*klaterklanke klam my aan*
*wingerde woorde word witwyn*
*wat my rolpunttong laat sleep en sing*
*aan sinne van ontnugtering*

Sy gedigte is liries en het gewoonlik 'n reëlmatige versvorm; hy voel dat dié vorm 'n noodsaaklike bindingselement is en bydra tot die kompaktheid van sy gedigte. Met sy sin vir die liriek is dit geen wonder dat die volksrympie hom interesseer nie. Hier is een van sy eie:

*met rys*
*die sweetvos hit wit sky minnie bek*
*djis, die sweetvos hit wit sky minnie bek*
*dissie langdraai om ennie grasbaan deer*
*vorie pêt kotkopvoo derie lintjie trek*

A.g.v. sy studierigting het Pienaar ook 'n belangstelling in die Filosofie en die Klassieke aangekweek – veral vir die pastorale poësie.



A.D. PIENAAR

Aan 'n bundel dink Pienaar op hierdie stadium nie en is baie beskeie t.o.v. sy verse. Sy gevoel vir die taal en sy oorspronklikheid dui egter daarop dat dit dalk in die toekoms nie so 'n onmoontlikheid sal wees nie.

RITA BARNARD


FOTO STUDIO LOCKLEY

Cor Langenberg.
DIE FOTOGRAAF VIR DIE STUDENT
Vir u groepfotos, portret paspoorte en huweliksfotos
KOM NA ONS VIR PERSOONLIKE DIENS
TEL. 3131 PLEINSTRAAT

'LERT om maklik te studeer

Eksamensukses is maklik met sistematiese studietye. Kort, helder „inneemtye" is die geheim – nie ure van moeisame sloofwerk nie. Begin vroeg in die aand studeer en moet nooit met wilskrag teen lomerigheid veg nie. Dit lei net tot ooreising. As u vaak word, neem 'Lert-wakkerbly-tablette. 'Lert hou die verstand skerp, helder, ontvanklik en wakker. 'Lert is beter as koffie, want dit is gekonsentreerd en is dubbel-werkend 'Lert word gebruik deur studente, nagwerkers soos verpleegsters of mynwerkers, en deur motoriste. By alle apteke verkrygbaar sonder voorskrif.

Elke tablet bevat Caff. Cit. 90 mg., Caff. Alk. 90 mg.







*Rika Steenkamp, Lena Steenkamp, Kristien Steenkamp en Esmé Krause – vier van die deelnemers aan 'n konsert wat die Stellenbosse Vroueverening reël. Die konsert wat verskeie mense die geleentheid gee om te musiseer, vind op Vrydagaand 8 September plaas in die Fismersaal in die Konservatorium. Die program beloof 'n interessante verskeidenheid van musiek op te lewer. Benewens die bekende Stellenbosse fluitspeelster, Eva Tamassy en die ghitaarspeler Uliano Marchio, sal sangnommers, klavierduette en solos asook koorwerke uitgevoer word. Esmé Krause, dosente aan die Konservatorium, staan spits van sake.*

# ATHOL FUGARD PLAY AT THE LIBERTAS


CIGGERETTE



*THE face of "Nongogo" as she smiles cynically at a remark made by the man (Timmy Kwebulana). This is the first play written by Athol Fugard (written in 1958) and is directed by Lynne Maree.*

STELLENBOSCH audiences have an unique opportunity to see **Nongogo**, Athol Fugard's very first play next Thursday evening (the 31st) at 8.15 p.m. in the Libertas Theatre (Bird Street). The company under the direction of Lynne Maree (who was last seen in Stellenbosch in Pieter-Dirk Uys's **Selle ou Storie**), have just completed a successful season at the Space Theatre in Cape Town.

Members of the cast include Thobo Ntshinga, Jobo Scott, Brian Ebden, Timmy Kwebulana and Tiny Sbefile.



*ATHOL FUGARD*

Fugard, South Africa's most renowned playwriter, is best known for *The Blood Knot, Boesman en Lena, Hello and Goodbye, People are Living There, Sizwe Banzi, The Island, Dimetos* and *Statements.*

PROSTITUTE

*Nongogo* ("Prostitute"), written in 1958, takes us back to the roots of Fugard's career as successful and contemporary playwright. He is one of the very few South African playwrights who has received acclaim and recognition overseas.

BOOK EARLY

The Libertas Theatre has a limited seating capacity and members of the public and student community are advised to book immediately. Tickets (Public R1,75; Students R1,25) are obtainable from Steve Curtis (tel. no. 71517) and Nic Fine (tel. no. 4249).

# THE WAY OF THE WORLD

## A classic of English comic theatre

WHY the Drama Department of the University of Stellenbosch decided to produce an 18th century Restoration play, **The Way of the World** by William Congreve, is clear for various reasons. As probably the best Restoration play (described by critics as "the most intellectually accomplished of English comedies), **The Way of the World** has become one of the classics of English comic theatre.

As a play of much wit, great verbal ingenuity and an attractive stock of characters, the play is bound to be very humorous and fun to produce. (Names such as *Fainall* = all pretence, *Mirabelle* = admirable, *Sir Wilfull Witwould, Lady Wishfort,* already gives away the characters and suggests the flavour of light-hearted comedy). What makes the play so suitable for a university production is the fact that most of the characters are young people – and the way of the world does not change!

**The whole grandeur of the 18th century society and way of life will be captured by the exquisite costumes; from petticoats, corsets, silver wigs and tailored suits to matchless witty prose and melo-dramatic acting. The set is specially designed to make full use of the revolving stage.**

The fact that tlHu play still has something to say to a modern audience underlines its moral value. One could say that the play is about marriage, or the struggle that two young people (hero and heroine) have in a corrupt and artificial world, having to decide whether they love, know and trust each other enough to marry. Both have found that happiness comes to an end with marriage.

***The Way of the World*** **contrasts true marriage with superficial ones, true wit with affectation, innocent trickery with deception. – As Mr Feinall says: "If it must all come out, why let 'em know it, tis but the way of the world."**



Congreve masterly manipulates the intricate hero-villain plot.

Lady Wishfort (Gaby Getz) is the excellent portrait of the old coquettish widow. Her niece Millamant (Cathy Beard) a fine lady of marriageable age, is heiress of certain estates depending on Lady W.'s goodwill to grant or withhold the inheritance. (If she marries somebody lady W. does not like, she loses it). Lady W. wants her nephew, the comic Sir Wilful Witford (Eben Louw) to marry Millamant. She herself attempts to marry the admirable hero Mirabelle, (Conrad Heyns), who is in love with Millamant.

The complications are even more intricate because Lady W. at the same time has an affair with Mr Feinall (Nic Fine). Mr Feinall was unhappily married to Lady W's daughter (Rachelle Greeff), by means of Mirabelle (after they had had an affair and she was suspected to have been pregnant).

In his attempt to marry Millamant, Mirabelle turns a servant, Waitwell (David Miller) into uncle Roland, who with the help of his wife the servant Foible (Davida Day), courts Lady W. After she is made a fool of, Lady W. has to agree to the marriage of Mirabelle and Millamant. (Other characters are Witwood (Stephen Zoutendyk), Petulant (Jerome O'Reagen), Mrs Marwood (Morlette Lindsay), Mincing (Heidi Marie Rossacha), Betty (Anelle Oberholzer) and Neil le Roux and Chris van Jaarsveld as messengers.


All the parts in the play are the same length and Congreve provided for the revelation in the last act.

**A big difficulty is that it is a very 'wordy play', with long concentrated speeches (especially Lady Wishfort), which has to be performed at a great speed not to hamper the quick pace of the play. (The audience must especially note the witty use of language) There are also hundreds of entrances and exits which have to be carefully planned.**

# LETTERKUNDIGE LABORATORIUM

PROF. D.J. Opperman het onlangs 'n toespraak gelewer oor die "Letterkundige Laboratorium" voor die Werkgemeenskap Stellenbosch van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Afrikaanse Skrywerskring.

Hy vra: "Wat word van die jong skeppende genie wat eensaam op die kampus ronddwaal en geen raad met sy talent weet nie?" Sy eie antwoord hierop was die instelling van die "Letterkundige Laboratorium" – 'n kursus wat deur 3e jaar studente in die 2e semester beoefen word. Kandidate wat aan die einde van die tweede jaar 60% of meer behaal het, kan deur akademiese bekwaamheid hiervoor in aanmerking kom. "Maar die eintlike kandidate wat ek hier wil bereik, is die skeppende studente en hulle is nie altyd so slim as die vorige groep nie – 'n goeie kunstenaar is dikwels dom!"



PROF. D.J. OPPERMAN

INSPIRASIE?

**Is dit inspirasie of sweet om 'n goeie gedig te skryf? Volgens Opperman is daar verskeie middele wat inspirasie genoem word: "die Christelike God, 'n nooi, 'n pil, 'n dop, "grass" tot 'n injeksie. Hy sê dat al hierdie middele valse verwagtings wek; "die geesdrif is groter as die vervulling."**

"Die kunswerk is 'n sintuiglike aanbod en dit word bedreig deur -ismes, die wetenskap, die heerskappy van die abstrakte, bv. die filosofie." Sy raad aan alle digters en laboriete is: "Weg van abstraksies, die afgetrokke selfstandige naamwoorde, die woorde van die "weet" en die "ing".



# Swanesang vir '78

HIERDIE uitgawe is die laaste wat die huidige redaksie hanteer. In die termyn wat nou ten einde loop, het vyftien uitgawes verskyn, met 'n totaal van 188 bladsye.

In ses van hierdie uitgawes is kleurfoto's gebruik, wat ons in staat gestel het om 'n besondere weergawe van hoogtepunte soos Karnaval, die Trapkarwedren, Interkoshuisboks, Intervarsity en die opening van die konserwatorium, te bied.

Die advertensiebestuurder, Ernst Röth, verdien groot dank vir sy ywer – deur sy harde werk eindig ons finansieël met 'n groter wins as ooit tevore.

Rubrieke soos *Menings-aktueel, Matie-gesprek, The other side of the mountain* en die massa-histeriewekkende *Fontein van Sêmaarso,* het besondere pitkos aan *Die Matie* verleen.

### TRADISIE

Te midde van al die storms van die afgelope jaar, het *Die Matie* sterk bly staan en aanslae om hom te diskrediteer, suksesvol afgeweer. Die tradisie van hierdie koerant is reeds so sterk dat dit duidelik veel meer sal kos as 'n paar ontstigte ideologies-bekrompenes op wie se tone getrap is, om hom suksesvol af te takel. In hierdie tye waar die oes aan effektiewe SR-optredes feitlik afwesig is, is dit uiters nodig dat *Die Matie* sy rol as gesprek-stimuleerder met groot toewyding sal vervul. **Terwyl 'n irriterende "rustigheid" van die meeste "leidende" instansies besit geneem het, plaas dit 'n besondere verantwoordelikheid op *Die Matie* om "onrustig" te bly.**

### DANKIE

Ná 'n verbintenis van bykans vier jaar met hierdie koerant, bly dit vir my oor om elke redaksielid en veral die redakteurs, hartlik te bedank vir hul lojaliteit, toegewyde ywer en samewerking. Met mense soos Louis Heyneman, Ernst Röth, Kobus Pienaar, Dawie de Villiers, Callie Visagie, John van Breda, Wynand Fourie, Joubert Scott, Theo Smith, Hendrik le Roux, Jan Richter, Maartin Mittner, Johan Lötter, Ben Kock, Willie van der Merwe, Kwartus Sieberhagen en Anneli Odendaal was dit 'n plesier om hierdie groot onderneming aan te pak. Verder aan almal wat as inspirasie vir myself en hierdie mense gedien het, 'n woord van besondere dank.

Verdere dank aan: Mev. Vi le Roux en Junita Prins van die SR-kantoor, David Steele en Richard Younghusband, Wendy, Alta en Peter van Photoprints, Johan Pansegrouw, Tampan Jordaan en mnr. Wilson van Trio-Rand, Johan en Annemarie Stander van Studio 7, Wilhelm Landman van Distillers, Dirk Human van Rembrandt, Gert Agenbag van Barclays Bank, Christo de Witt van Standard Bank, die Rektor vir 'n donasie vir die reiskoste na die redakteurskonferensie en Christopher Agenbag vir finansiële administrasie.

### ONDERVINDING

Daar is waarskynlik geen ander instelling op die kampus waar soveel mense-kennis, aktuele ondervinding en natuurlik joernalistieke oefening opgedoen kan word soos *Die Matie* nie.

**Aan my voorgangers: Dankie vir die skep van 'n tradisie waarvan ek deel kon word. Aan my opvolgers: julle is die mees bevoorregte mense op Stellenbosch. Vervul jul taak met fut!**

**CHRIS HEYMANS**
**HOOFREDAKTEUR '77–'78**



*Al was dit nou nie rugby nie, het die manne darem genoeg gehad om na te kyk tydens Helderberg se republiekfeesvierings. Kyk hoe spring so 'n lynstaan vir die bal!*

# KANDIDAAT SÊ DROME MISLEI U.P. BYNA

DIE pas afgelope VSR-verkiesing van die Tukkies, het 'n sonderlinge en obskure debakel opgelewer waarby onder andere die *Hoofstad*, een van Pretoria se mees gelese dagblaaie, betrokke was. Die debakel het voortgespuit uit die kandidatuur van mnr. Pep Joubert en het uiteindelik daartoe gelei dat hy hom op die vooraand van die verkiesing moes onttrek uit die verkiesingsveld.

Luidens die hoofberig van *Die Perdeby* (11 Augustus 1978), Tukkies se studentekoerant, het mnr. Joubert in sy poging om homself aan die studentegemeenskap bekend te stel, oneerlik te werk gegaan. In die *Hoofstad* van Dinsdag 8 Augustus, dieselfde dag as die sirkus, het 'n berig met die opskrif: "Maar begrip vir SA by Amerika jeug" verskyn. Die berig is vergesel van 'n prominente foto van mnr. Joubert, wat tydens die afgelope vakansie oorsee was. Volgens mnr. Grobbelaar, die assistent-nuusredakteur van *Hoofstad,* het *Hoofstad* mnr. Joubert versoek "om 'n berig te skryf oor gesprekke wat hy met jeug organisasies in Amerika gevoer ht."

Op die hoofsirkus is mnr. Joubert gevra om aan die studentevergadering "meer inligting te verskaf in verband met sy oorsese besoek en ook te noem wie hy almal ontmoet het en waar hy orals was." Mnr. Joubert was nie geneë om die vraag in die openbaar te beantwoord nie, aangesien dit kwansuis 'n "baie 'vertroulike' besoek was".

### FANTASIE

Luidens die berig in *Die Perdeby* is op verdere vrae aan mnr. Joubert "die fantasiebeeld van geheime besoeke, ministers wat betrokke is, asook sekere departemente en die strengste geheimhouding voorgehou." Die naam van oud-president Gerald Ford van die VSA het klaarblyklik ook deel uitgemaak van hierdie fantasiebeeld.

Mnr. Joubert het uiteindelik Dinsdagaand erken dat die hele berig en die sfeer waartoe dit aanluiding gegee het, as "verkiesingsset" bedoel was. Daar is naamlik hierdie jaar 'n Dagstudenteverkiesingsveldtog geloots. Die motivering agter hierdie veldtog was "om die onbetrokke Dagstudent te aktiveer" en mnr. Daan Mills, die hoofkiesbeampte het sy goedkeuring aan hierdie saak verleen. Mnr. Joubert het ook 'n aandeel in die veldtog gehad. Klaarblyklik was sy bedoeling met die "verkiesingsset" juis om verdere momentum aan hierdie veldtog te verleen. In die redaksioneel van *Die Perdeby* word die hele saak egter raak soos volg opgesom:

*(Vervolg op bl. 11, kol. 5)*

# *UOVS SR-lid sê:* BERIGGEWING STROOK NIE

**ABRIE DE SWARDT, SR-LID, UOVS, skryf:**

NA aanleiding van u beriggewing in *Die Matie* van 28 Julie 1978, net 'n paar opmerkings.

Eerstens wil ek net, as voorsteller van die mosie t.o.v. die oopstelling van die Breytenbachteater, en die hantering daarvan deur die Stadsraad van Pretoria, die saak in perspektief stel. U beskrywing daarvan lui: "In nog 'n mosie is die Pretoriaanse stadsraad se hantering van die Breytenbachteaterkwessie goedgekeur, alhoewel die duplisering van geriewe en die deel daarvan andersins, aanvaar is." U siening hiervan strook myns insiens nie met die mosie nie.

### BETREUR

Die mosie, waarvan pte. 1, 2 en 4 aanvaar is, en (3) slegs met 5 stemme afgekeur is, lui: 1) "Dat die kongres dit betreur dat plaaslike owerhede belangrike uitsprake maak, wat die beeld van Suid-Afrika in die buiteland en die praktiese implementering van beter binnelandse volkereverhoudinge ernstig benadeel, soos onlangs in die geval van die Breytenbachteater, sonder om die regering, en spesifiek die Dept. van Buitelandse Sake in die aangeleentheid te ken. 2) Dat wat die toekoms betref, hier die nodige skakeling wel sal plaasvind. 3) die kongres die besluit van die Pretoriaanse Standsraad betreur om nie die Breytenbachteater vir alle bevolkingsgroepe oop te stel nie. 4) Die Konges dit ook betreur dat waar teaters wel oopgestel is, die restaurantgeriewe by verskeie teaters nie oopgestel is vir ander bevolkingsgroepe nie."

### VERWYS NA PRETORIA

U sien dat (1) die mosie duidelik verwys na Pretoria, en dié gedeelte van die mosie is aanvaar – dit is ook deur die dagpers met groot opskrifte gebruik as duidelike uitspraak teen die optrede van die Stadsraad van Pretoria. Deel (3) van die mosie wat dit baie pertinent stel, is soos gesê, met 'n paar stemme afgestem, maar dit impliseer nie dat die Kongres hierdie optrede van Pretoria goedkeur nie.

Die laaste gedeelte van die mosie is wel korrek deur u geïnterpreteer, waar dit gaan om die deel van alle geriewe by oopgestelde teaters.

### VAN DER WATT

Dit is verder vir my interessant dat mnr. Gideon van der Watt in sy artikel "Tog hoop vir die ASB", dit stel dat Potchefstroom tans alleen leiding neem binne die ASB in die sin van ruimer gesprek, vernuwing en beweging. In antwoord hierop haal ek die *Sunday Times* van 16 Julie 1978 aan: "The host university, Orange Free State, revealed an interesting new trend: It has come to hold the balance of power between the two factions. On many issues it sided with the verligtes." Dit lyk vir my so al asof mnr. Van der Watt effens traag is om enige kritiek, in welke vorm ook al, op sy ou Alma Mater uit te spreek." By die ASB Kongres van 1978 het die UOVS by verskeie geleenthede saam met Stellenbosch en Potchefstroom leiding geneem – en laat ek byvoeg: Dit was loutere vreugde vir myself en mnr. Hannes Koegelenberg toe ons goeie vriend, Theuns Eloff, met 'n groot meerderheid van stemme tot nuwe president van die ASB verkies is!

### BALANSHANDHAWER

Les bes . . . dit lyk asof die UOVS tans soos Bloemfontein telkens iin die verlede vir Suid-Afrika, vir die ASB die balanshandhawer is, maar in die proses nie meer skroom om vorentoe te beweeg nie, as daar beweeg moet word!

## "Die Matie" Vakante Poste

AANSOEKE, vergesel van relevante ondervinding, word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van *Die Matie:*

- Hoofredakteur
- Assistent-Hoofredakteur
- Tipografiese redakteur
- Nuusredakteur
- Interuniversitêre redakteur
- Sportredakteur
- Sosiale redakteur
- Kunsredakteur
- Advertensiebestuurder
- Hooffotograaf
- Hoofverspreider
- Taalredakteur
- Sub-redakteurs en verslaggewers in die nuus-, interuniversitêre-, sport-, sosiale- en kunsredaksies asook fotograwe, verspreiders en spotprenttekenaars.

Aansoeke moet voor 30 Augustus om 12.00 nm. gerig word aan:

Die Hoofredakteur
Die Matie
Langenhovensentrum, Stellenbosch.

Die tydbeproefde smaak




Castle Lager
Die slag van die brouer is dáár in die smaak
VZ77/6631/A5

# *DIE MATIE* BRING NOG ALTYD SY KANT

Reds.

STELLENBOSCH staan bekend as die leier onder die Suid-Afrikaanse kampusse. "Waar Stellenbosch vandag is, is Suid-Afrika môre", so lui die bekende slagspreuk. *Die Matie* het hom vroeg reeds op die gebied van studentepolitiek op 'n byna profetiese wyse onderskei as 'n dinamiese faktor in die ontwikkeling van die denke van die studenteunie.

Die gronde waarop Stellenbosch die ASB verlaat het, is reeds ñege jaar vantevore in 'n hoofbladberig geopper. *Die Matie* het ook so vroeg as 1951 sy eie funksie ingesien en 'n beleid vir homself uitgestippel. Nadat *Die Matie* die SR oor hul geldsake gekritiseer het en die voorsitter hom probeer teregwys het, het *Die Matie* die volgende gesê: "Dit staan *Die Matie* vry om die SR, op watter wyse ookal, te kritiseer, hoewel die Raad die reg het om beswaar te maak teen onregverdige kritiek. Dit dien geen doel as *Die Matie* die SR agternapiep nie."

### KULMINASIEPUNT

Maar hoeveel het daar van dié krities-profetiese funksie oor die afgelope vyf jaar tereggekom? In hoeverre het *Die Matie* getrou gebly aan sy beleid om die SR nie op 'n kategoriese wyse agterna te piep nie? Nadat Stellenbosch uit die ASB gestap het, het daar tye van windstilte geheers en wat het *Die Matie* gedoen om Stellenbosch uit hierdie windstilte te help? Dit blyk tog asof *Die Matie* 'n progressiewe lyn van ontwikkeling oor die afgelope vyf jaar getoon het waarin vanjaar 'n seker kulminasiepunt bereik is.

### SR SE "EIERDANSERY"

In 1973 word Altus Joubert op 'n lewendige monstervergadering tot hoofredakteur van *Die Matie* verkies, nadat sekere SR-lede dit probeer "kook" het om hulle (meer "regse") man bo Altus aan te stel. Altus sien die taak van *Die Matie* as 'n ewigdurende kritiese en ondersoekende houding wat hy moet inslaan. *Die Matie* is grondwetlik op 'n onafhanklike mening geregtig en is geen naprater van óf die SR òf die Raad van die Universiteit nie. Getrou hieraan oefen *Die Matie* dan ook kritiek uit op die SR se "eierdansery" om nie tot 'n standpunt te kom oor die Abe Bailey-beurs wat hom skuldig maak aan diskrimenerende elemente nie. 'n Heftige polemiek volg daarna in die briewekolomme.

*Die Matie* rig sy visier ook wyer as net die SR en kritiseer ook vir Donald Woods wat hom aan gruwelike veralgemenings hier op die Akker skuldig gemaak het. *Die Matie* poog verder om die verhoudinge tussen die Afrikaans- en Engelssprekende studente te verbeter deur 'n Engelse uitgawe uit te bring en waarvoor daar groot lof uitgaan aan *Die Matie*.

Gedurende die volgende termyn ('74–'75) is daar 'n toenemende apatie onder die studente sigbaar t.o.v. politieke betrokkenheid. "Aktuele" sake is dat SAAK van P.P.-verbintenisse beskuldig word en dat mnr. H.H. Smit ongelukkig voel oor die feit dat hy verkeerd aangehaal is deur *Die Matie*.

### APATIE

*Die Matie* voel hierdie dreigende apatie aan en wys op die feit dat die SR wat as stimulus vir politieke betrokkenheid moes wees, jammerlik gefaal het. Stellenbosch het sy politieke relevansie as "irreterende faktor" verloor en die SR is grootliks hiervoor verantwoordelik deurdat hulle die studenteunie nie op 'n kreatiewe wyse kon lei nie.

'n Kenmerk van die volgende termyn ('75/'76) is dat *Die Matie* toenemend aandag skenk aan hierdie "apatiese doodslaap" waarin Stellenbosch verkeer. Partypolitieke groepvorming het die *oop gesprek* op Stellenbosch gesmoor en daar bestaan 'n dringende behoefte aan 'n platvorm waar dié oop gesprek, ook op interuniversitêre vlak, weer hervat kan word. Aangesien Stellenbosch nóg by die ASB nóg by NUSAS geaffilieer is, is dit die plig van die SR om kreatiewe leiding te neem.

T.s.v. herhaaldelike pleidooie deur *Die Matie* gebeur daar nie veel onder SR-geledere nie. "Gemoedelikheid, rustigheid, vreedsaamheid is die begrippe wat by jou opkom as daar berig moet word oor die afgelope raadsvergadering", berig die korrespondent uit die SR. Al ligpunt is dat een SR-lid, Tobie de Villiers, die inisiatief het om 'n baie geslaagde inter-universitêre konferensie op Stellenbosch aan te bied. Verder is die briewekolomme nog vol beskuldigings dat SAAK te "liberaal" is en dat die ASVS nie genoeg prominensie in *Die Matie* geniet nie.

Met die aanvang van die nuwe termyn ('76–'77), blyk dit of die baie pleidooie deur *Die Matie* nie op dowe ore geval het nie. Die koerant bespeur 'n geringe oplewing in studentegeledere. Uit die SR kom daar gerugte dat daar teruggekeer moet word na die ASB en 'n kommissie word aangestel om dié moontlikheid te ondersoek. Verder maak 'n paar petisies hulle verskyning waarin die ondertekenaars hulle besorgheid oor die plofbare situasies (na die '76–onluste) uitspreek.

### GEEN AFFILIASIE

Die verslag van die SR-kommissie kom tot die gevolgtrekking dat Stellenbosch nie by die ASB moet affilieer nie aangesien daar in 'n veranderde Suid-Afrikaanse gemeenskap geen plek vir 'n eksklusiewe Afrikaanse studenteorganisasie soos die ASB is nie. Daarom moet die ASB as 'n "struktuur van die verlede" gesien word. Die gevolgtrekking waartoe *Die Matie* nou kom is wat die pad vorentoe vir Stellenbosch gaan inhou. Wat gaan Stellenbosch nou doen om sy bedingingsmag op inter-universitêre vlak te behou?

### WATERSKEIDING

*Die Matie* verheug hom oor die steeds toenemende betrokkenheid onder studente-geledere en spreek die hoop uit dat die SR meer as 'n blote administratiewe liggaam sal wees. *Die Matie* wys daarop dat t.s.v. 'n toenemende belangstelling Stellenbosch nog glad nie uit sy apatiese doodslaap wakker geskrik het nie en spreek die hoop uit dat die nuwe termyn van die SR die waterskeiding sal wees.

Dit blyk dan aanvanklik ook so te wees as die nuwe SR met die intrapslag 'n mosie oor die plakker-vraagstuk aanneem. *Die Matie* moedig sulke betrokkenheid aan. Maar namate die SR-masjinerie aanloop, blyk daar nie veel te gebeur in die SR-geledere nie. *Die Matie* roep die SR op om opnuut te besin oor sy rol en funksie. Dit lyk of die fut van die SR uit is en dat die studente-unie van die SR verwag om 'n eksplisiete verduideliking te gee waarheen hy beweeg en wat hy wil doen.


### BOM BARS

Hierdie kritiek op die SR laat 'n bom op Stellenbosch bars. Die voorsitter spreek hom in sterk 'n bewoorde brief teen *Die Matie* uit. Vier SR-lede distansieer hulle van die voorsitter en stel dit baie duidelik dat die voorsitter se interpretasie van die SR as 'n blote administratiewe liggaam "visieloos" is. Tog hou die "regses" in die SR dogmaties vas aan hierdie siening. Die gevolg hiervan is dat vier SR-lede bedank omdat hulle geen doel meer sien om op so 'n SR te dien nie. Daar kom ook reaksie vanuit studente-geledere. 'n Monstervergadering word gehou waarop daar met 'n groot meerderheid aanvaar word dat die SR meer as 'n blote administratiewe orgaan is en 'n kreatiewe rol te speel het.

### KRITIESE BESINNING

Uit hierdie progressiewe lyn van ontwikkeling wat *Die Matie* ondergaan het, is dit dus duidelik dat die rol van *Die Matie* in die toekoms behoort te wees. Eerstens moet *Die Matie* in 'n ewigdurende kritiese houding teenoor die bedrywighede van die SR staan. Maar dié kritiese houding impliseer nie kritiek ter wille van kritiek nie, maar kritiek waaruit positiewe aangeleenthede sal vloei. Tweedens sal dit ook *Die Matie* se plig wees om *self* wyer as interne studente-politiek krities te besin. *Die Matie* sal self die vindingrykheid aan die dag moet lê om sy lesers informatief en opvoedkundig tot 'n meer kritiese besinning oor landspolitiek te lei sonder om in partypolitieke aangeleenthede vasgevang te raak.

**JOHN VAN BREDA**



*DIE senior redaksie van* **Die Matie** *in 'n gesellige luim afgeneem tydens die onlangse redaksiepartytjie. In die gewone volgorde verskyn agter Wynand Fourie (Sport), Hendrik le Roux (Sosiaal), Kobus Pienaar (Tipografies), Callie Visagie (Nuus) en Ernst Röth (Advertensiebestuurder). Voor sit John van Breda (Inter-universitêr), Dawie de Villiers (oud-Tipograaf), Chris Heymans (Hoofredakteur), Louis Heyneman (Asst.-Hoofredakteur) en Theo Smith (Kuns).*

# *BESTE REDAKSIE*



*OP die foto ontvang Callie Visagie, Nuusredakteur, (regs) die Rapport-skild vir die beste redaksie van* **Die Matie** *van Chris Heymans. Verlede jaar het Kuns met die louere weggestap.*


SPESIALE AFSLAG VIR STUDENT BY:

PLAZA ESPAÑA

HOUTBAAI – (TEL: 70-4106)

DANS : Vrydae – & Saterdae Aande

ORKES : PHOENIX !

ETES : A La Carté Spyskaart.

(TEN VOLLE GELISSENSIEERD)

# KOM IN DIE REGTE GEES VIR SANGFEES

SANGFEES 1978 is opgedra aan die rektor, prof. J.N. de Villiers. Soos in die verlede, vind die feestelike geleentheid in die Stadsaal plaas. Die treffende "KOM IN GEES VAN SANGFEES"-plakkate is reeds sedert vroeg verlede kwartaal oral op die kampus te sien in 'n poging om die studente betrokke te kry.

Op die vooraand van die Lente, sal meer as 'n duisend Maties op 24 en 25 Augustus opruk om die stukkie eie Stellenbosch-kultuur te laat herleef en ook te beleef – en Sangfees is net 'n ware belewenis as jy verlief is, en menige jongman sal kan getuig van die magiese invloed wat die Lente in samewerking met die Sangfees op jou het.

### 13 SEPTEMBER 1946

**Dit is vanjaar die drie-en-dertigste Sangfees; net in 1966 was daar geen optredes nie. Reeds op 13 September 1946 het die eerste Sangfees plaasgevind en insake hierdie geleentheid het *Die Matie* in sy annale gaan ronddelf.**

### 350 STUDENTE

Prof. dr. Willem Kempen, voormalige Professor in Afrikaans-Nederlands skryf: "Driehonderd en vyftig studente wat 'n Sangfees gaan hou, en sommige van hulle oorwerkte juniors? En buitendien studente is mos maar onmusikaal? Baie van ons het ons harte vasgehou. Nee, ons wis wel waartoe dr. Gawie Cilliers in staat is en Jan J. de Villiers, maar tog . . . En dan Wagner en Verdi! Hierdie studentjies het mos nie agtergrond nie, wat wou hulle die hoë klassiek kan aandurf! " En dan gaan hy verder "Wat 'n geestelike ervaring vir soveel boerestudente om sulke werk so te sing".

### ALTE TROTS

**"Nou moet niemand weer in my aanwesigheid oor hierdie studente van ons kla nie: ek sou sommer alte trots gewees het as maar selfs die helfte hiervan in my studentedae moontlik gewees het." Hoe jammer is dit tog nie dat skaars 'n tiende van die studente in hierdie ervaring kan deel nie.**

Emol van *Die Burger* skryf oor hierdie eerste Sangfees: "Die Sangfees op Stellenbosch verlede Vrydagaand was 'n reusesukses. Ek het nie gedink dat so iets in Suid-Afrika moontlik is nie. Ek koester die hoop dat daar eersdaags van die kore saam met die stadsorkes in Kaapstad sal optree; of miskien kan Stellenbosch die uitvoering herhaal en die stadsorkes vra om die kore te begelei."

### SUCCESSFUL PERFORMANCE

Dit gebeur toe in 1947 en die *Cape Times* skryf: "The combined choirs of the Stellenbosch University gave a most successful performance of part songs and operatic choruses before a packed audience at the Cape Town City Hall last night."

### BAND TOGETHER

**"It was a happy thought that the programme which was recently presented in their home town should also be heard in the Mother City, for it should serve as an incentive to students of the University of Cape Town to band together for a similar festival."**

### KERKSANG EN KORALE

Daar is dus 'n lang geskiedenis en tradisie verbonde aan die sing van ernstiger musiek op die Sangfees. Dikwels hoor 'n mens die aanklag dat daar te veel kerk- en gewyde musiek gehoor word ,en dat die Lente-feestelikheid daaronder ly.

### SOLISTE

Op die eerste Sangfees het soliste ook reeds hulle verskyning gemaak: Louwtjie Louw (tenoor), Augusta van Rooyen (sopraan) en Coby Lemmer (sopraan). Deur die jare het die Sangfees, soos so baie ander dinge ook in die laaste tyd, ook meer "gespesialiseerd" geword, sodanig dat die Sangfeeskomitee besluit het dat slegs studente as soliste mag optree om sodoende die "ingevoerde talent" buite te hou.

**Al sing jy nie in 'n koor nie moet jy definitief by vanaand of môre aand se uitvoerings uitkom.**



*DIE Sangfeeskoor van Wilgenhof en Minerva in 1976. Die dirigent is dr. Johann de Villiers wat tans dirigent van die US-koor is.*

# OUDSTE REPUBLIEK WORD VANJAAR MONDIG

HELDERBERG het verlede week die een-en-twintigste jaar van sy bestaan as Republiek op luisterryke wyse gevier. Hierdie Republiek met sy eie president, kabinet en vlag was in 1957 die eerste republiek op die Afrikakontinent, maar in watter mate hulle voorbeeld 'n invloed uitgeoefen het op die state wat na 1957 onafhanklik geword het, is nie duidelik nie.

Die feesverrigtinge het op 'n hoë noot begin toe byna helfte van die Helderbergmanne, na vlugbalwedstryde tussen die verskillende ingange, die lang bergpad gehardloop het om punte in te samel vir hulle ingange. Maandagaand is 'n deftige dinee gehou waar 'n groot aantal inwonende hoofde van koshuise, primariae en primarii teenwoordig was. Die eregaste was die vise-rektor, prof. De Vries, die onder-burgemeester, mnr. P. Marais en prof. J.W.R. de Villiers, Helderberg se vorige inwonende hoof.

Gedurende die res van die week het Helderbergers aan 'n verskeidenheid sportsoorte deelgeneem soos minigholf, tafeltennis, pyprook, toutrek, snoeker en sewemanrugby.

Die interkoshuis-veerpylkampioenskap wat elke jaar deel uitmaak van die republiekfees is weer aangebied en twaalf spanne, waaronder ook Medies, het deelgeneem. Die wenners van die wisseltrofee was nog onbekend.

### DAMESRUGBY

In die damesrugbykompetisie wat vanjaar vir die derde keer plaasgevind het, was dit duidelik dat van die dameskoshuise steeds groter erns maak met die voorbereiding van hulle spanne. Nerina het selfs die bekende Agie Koch as afrigter gehad. Daar was wel nooit eintlik 'n kop in 'n losskrum nie en laagvatte is, tot vermaak van die toeskouers, op unieke wyses gedoen. Tog het die netjiese skrums, flinke agterlynbewegings met vleuels wat agter die pale gaan draai en die soms verbasend sekure lynskoppe, daarvan getuig dat die dames weet waarom dit gaan.

**Vrydag het oud-Helderbergers van so ver as Pretoria en Suidwes by Helderberg saamgetrek vir 'n reünie en was die meeste van hulle langs die veld toe Stellenbosch se drompoppies toeskouers in die regte stemming gebring het vir die wedstryd tussen Helderberg en Mabré se eerste rugbyspanne.**



*'n Fondue-ete is onlangs ter viering van Minerva se twintigste verjaarsdag gehou. Die verrigtinge is voorafgegaan met die klink van sjerrie-glasies. Op die foto verskyn mej. Lina Spies (H. K.-lid 1961), mev. Magdalena van Wyk, Lizel van der Merwe (primaria 1978), mev. Elsa Kolver (primaria 1966) en mev. Winifred Jordaan (primaria 1972). Ilse Treurnicht, primaria van 1976, het later die aand by haar oud-kollegas aangesluit.*


VERLOWING TE DUUR?

Laat ons u verloofring maak teen 'n prys wat u kan bekostig. Ons gekwalifiseerde diamant en edelsteen deskundige sal u adviseer en aan u demonstreer presies wat die gehalte van 'n diamant is.

Uit ons goeie versameling ongemonteerde diamante, kan u 'n keuse maak wat u begroting presies pas.

"STELLENBOSCH MANUFACTURING JEWELLERS"
Navrae by FROWEIN JUWELIERS
NASSAU GEBOU
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.
(LANGS CARL BERGH)



GET FRUITY WITH JUICY LUCY.

Juicy Lucy now at the Kentucky Fried Chicken store in Stellenbosch. Serving freshly squeezed 100% pure fruit juices. Juicy Lucy and The Colonel have got together to give you the finest fast food service in town. 100% pure fruit juice plus finger lickin' good Kentucky Fried Chicken, Colonel Burgers, chips, salads and desserts.

FRESH PURE FRUIT JUICE
JUICY LUCY
it's the real thing


TAKE A JUICE TRIP TODAY.

KENTUCKY FRIED CHICKEN,
Trust Bank Centre, Stellenbosch.
Telephone: 6174.

Campbell-Ewald 1243

# IS U.S. - KANDIDATE SE BELEIDE RELEVANT?

## Voorsitters





*Theuns Eloff (links), SR-voorsitter van Potchefstroom en Johann Aspeling, gewese voorsitter van Stellenbosch se SR. Hul universiteite se verkiesingsbeleide van kandidate in SR-verkiesings kom in die berig hiernaas onder bespreking.*

**MET die komende SR-verkiesing het dit ook nodig geword om Stellenbosch se SR-verkiesing in perspektief te sien. Hoe vergelyk Stellenbosch se kandidate met dié van ander universiteite soos Ikeys en Potch, om twee ver verwyderbare universiteite te noem as 'n voorbeeld.**

Op Ikeys is gevind dat hul SR-verkiesing gebaseer was op politiek alleen. Hier is 3 groepe aangetref: die "radicals", die "liberals" en die meer konserwatiewe element. Elkeen van dié groepe het dan 'n aantal kandidate uit alle vlakke van die universiteitslewe – vanaf eerstejaars tot mense soos Eric Peltz wat nou vir die 4de agtereenvolgende jaar, die voorprater van die konserwatiewes is.

### VERSKIL

**Die belangrikste verskil kom egter te voorskyn in die beleidsverklarings van die onderskeie kandidate aan die onderskeie universiteite. Al die Ikey-kandidate se beleidsverklarings, handel oor hul politieke oortuigings en hier kan die student ook sien wat die kandidate se standpunt is, i.v.m. aktuele aangeleenthede soos Crossroads, SWAPO en ook hul algemene houding t.o.v. regeringsbeleid.**

**Die gepubliseerde beleidsverklarings is heelwat langer as dié van Stellenbosch, veral omdat kandidate hul uitspreek oor so 'n wye veld van aktiwiteite.**

Die kandidaat moet duidelik stel waar hy hom skaar in die politieke denkgroepe op die kampus.

So verklaar Edwin Angles bv.: "In these circumstances a significant increase in right-wing SRC membership would mean the demise of social action. It would mean the degeneration of student political awareness to the level of our isolated and restrictive South African society."

Hy vervolg: "I thus believe in opposing all organisation on and off campus which uphold the manifestations of the status quo, namely repressive legislation and the immorality of domination."

Verdere voorbeelde van politieke uitspraak: Eric Atmore: "The CSA (Conservative Student Alliance) is a body leaning to the right. I am totally opposed to them and will combat their efforts."

Peter Berthold, LLB: "I regard myself as a moderate. While I deplore apartheid and separate development, I cannot associate with the radical militant groups."

Andrew Borraine, BA I: "Over the past few years, South Africa has been a serious erosion of civil liberty. Not only is the rule of law unequally applied, but the principle behind the law has been so altered that detention without trial has become a factor of life."

Geof Broudhurst: "I am standing as an open-minded conservative candidate. I, therefore, do not support SWAPO or the Patriotic Front."

Susan Deon: "I would support any move to disaffiliate from NUSAS."

Dit dan die menings van slegs 6 uit 27 kandidate. Ongelukkig laat bladsyspasie my nie toe om verder uit te brei oor die saak nie. Hier het ons te doen met die tipiese "in-fighting" van 'n politieke verkiesing, met breedvoerige beleidsverklarings, drukgroepvorming en baie dikwels skerp openbare aanvalle op die 'ander' party.

Indien ons dit nou vergelyk met die verkiesing op Stellenbosch, lyk die posisie maar vaal, met ons kandidate se niksseggende beleidsverklarings en die algemene siening van die SR as nie 'n oorwegend politieke liggaam nie. Geeneen van die kandidate neem 'n standpunt in i.v.m. politieke en aktuele aangeleenthede nie, behalwe om te bepleit dat 'n SR standpunt moet inneem en leiding gee! Almal verklaar hoe hul die rol van die SR sien en clichés vertel almal hoe hy die belange van die student op die hart sal dra. Maar my liewe Mnr. of Mej. Kandidaat van 1978, die student wil nie weet dat politiek 'n rol gaan speel nie, hy weet dit reeds, hy verwág jy moet sy belange op die hart dra; wat hy wil weet is: wie is jy, wat is jou persoonlike oortuiging i.v.m. politiek e.a. aktuele aangeleenthede? Of het jy nie 'n mening nie òf is jy skaam vir hom?

Op die P.U. vir C.H.O. het mens eweneens 'n baie interessante situasie. Hier staan kandidate vir 'n sekere portefeulje en nie almal vir 'n SR as 'n geheel nie. Bv. 2 kandidate vir voorsitter, 3 vir die kampusraad en 3 vir sportraad ens. Saam vorm die verkose lede dan die Sentrale Studenteraad. Uit die aard van die saak is dit merendeels dan die voorsitter en die adjunkvoorsitter wat polities-georiënteerd beleidsverklarings het. Die ander kandidate se beleidsverklarings het merendeels dan te doen met 'n spesifieke raad of instansie waarvoor die betrokke kandidaat staan.

**COBUS KOTZÉ**

# ELOFF SE ROL IN A.S.B. EN N.P.

**DIE ASB moet so kragtig wees dat die student wat daaraan behoort, nie verleë moet wees nie, sê Theuns Eloff oor sy termyn as nuwe ASB-president.**

Sy eerste doelwit is om Afrikaneridentiteit voorop te stel, maar eers wil hy duidelikheid kry oor wat die konsep presies behels. As president sal hy die middelpunt van meningsverskille binne die ASB wees, veral omdat hy die PU verteenwoordig. Hy hoop dat die nuwe kwessie van negatiewe disaffiliasie vlot sal verloop. Laasgenoemde beteken dat 'n student lid is van die ASB totdat hy sy handtekening daarteen gee. Hy stel belang daarin om junior organisasies tot stand te bring – bv. 'n junior Afrikaanse Sakekamer teenoor die internasionale AIESEC. Tydige persverklarings vanaf ASB-kant, sal uitgereik word oor kontensieuse sake. Verder poog hy om 'n forum vir politieke opleiding by onderwyskolleges ingestel te kry. Wat die Afrikanerstudent betref, wil hy 'n groter betrokkenheid by die ASB sien – hulle moet sterk standpunt inneem daarvoor of daarteen, eerder as om dit bloot te ignoreer.

*Die Wapad* skryf as volg in 'n onlangse hoofartikel:

**"'n Politieke swaard hang oor Theuns Eloff se kop – dit sou jammer wees as Theuns uit die NP geskop word omdat hy, volgens bewerings, nie die beginsels en konstitusie van dié party nakom en uitleef nie. Die gevolge vir sy posisie in die studentelewe kan verreikend wees, aangesien dat die ASB Christelik-Nasionaal is. Dit kan selfs sy presidentskap in gedrang bring."**

# KAHNOVITZ: S.R. IS NOOIT APOLITIES

**IN 'n onderhoud wat met Steve Kahanovitz, Ikey-SR-Voorsitter gevoer is, het hy kommentaar gelewer op sy afgelope termyn.**

Volgens hom is daar op die kampus 'n atmosfeer geskep waarin studente hul menings rakende die toekoms van die universiteit en van S.A. kon lug. Mikpunte wat deur SR-lede aan die begin van hul termyn aan hul gestel is, is nagekom. Die SR het ook daarin geslaag om 'n mosie rakende die verhoging van studentegelde af te stem. 'n Poging is ook aangewend om verkeersboetes op die kampus te verhoog, maar danksy ingryping deur die SR het dit misluk. **Die SR het deurentyd 'n wakende oog op universiteitsuitgawes gehou om te verhoed dat dit styg. Die geld wat so bespaar is, is gebruik om gaslektore se reiskoste en sport- en akademiese toere se koste te delg.**

Op 'n vraag watter kontak die SR met die studente en met ander Universiteite gehad het, het Kahanovitz positief geantwoord. Studente uit alle vlakke van die studentelewe het spontaan kontak gemaak met SR-lede. Die SR-konferensie, waarna alle studenterade van blanke universiteite gekom het, was baie vrugbaar. Mnr. Kahanovitz is van mening dat kontak met nie-blanke universiteite alleenlik suksesvol kan wees as daar persoonlike vertroue onder die studente van verskillende rassegroepe is. (Hierdie idee kan ook met vrug deur Maties in die praktyk beoefen word.)

Oor die verhouding tussen die SR en Administrasie het Kahanovitz hom as volg uitgelaat: "Admin has been amenable to hearing student views and at times to implementing them."

**Uit die optrede van Ikeys die afgelope termyn het dit duidelik geblyk dat hul 'n lae profiel handhaaf. (Daar was bv. selde, indien ooit, betogings deur Ikeys). Op dié stelling het hy geantwoord dat dit die beleid van Nusas-universiteite is, om mense nouer te betrek by aktuele vraagstukke d.m.v. besprekingsgroepe. Studente leer baie meer uit lg. besprekings as uit 'n massabetoging.**

### VEILIGHEIDSPOLISIE

Toe hy gevra is om kommentaar te lewer op besoeke van die veiligheidspolisie aan die SR-kantore, was sy antwoord: "One must cope to accept this as a normal way of life in South Africa in the foreseeable future. Any action against student groups should be seen in the wider context of state apparatus that wishes to silence opposition." Nusas het baie idees na die kampus gebring, maar weinig idees is na Nusas teruggevoer. Afrikanisasie van die Afrikaanse studente na Nusas was in 'n beperkte mate suksesvol.

Kahanovitz het ook kommentaar gelewer op sekere groepe se aansprake dat die SR apolities moet wees. Sy antwoord: **"The SRC can not, will not and will never be apolitical". Mense wat nie oor die toekoms van S.A. wil besin nie en dus nie polities betrokke wil raak nie, is ontvlugters. Dit is hierdie mense wat wil hê dat die SR nie by politiek betrokke moet wees nie. (Hoor ek 'n bekende klankie? )**

**LE ROI STEENKAMP**


Kom saam, en kampeer in grasie met Viking Tours — Brittanje se voorste kenners van kampeervakansies. Reis in moderne, goed toegeruste busse wat deur deskundige koeriers bestuur word. Vertoef in pragtige kampeerterreine met puik fasiliteite. Geniet 'n puik beplande toer. Kyk net na al die ander Viking Tours-glanspunte:
• Keuse van 11 toere regdeur Europa en verder.
• Egte waarde vir geld. Toere begin by so min soos R44,00. • **Die bystand van die London Travellers Club, waar u vakansie begin.** • Die veiligheid om deur Gundelfingers of ander geakkrediteerde agente te bespreek.
Algemene verkoopagente — Gundelfinger & Son (Edms) Bpk. Vir nadere besonderhede, skakel u Reisagent:




Hier kom die Vikinge!

Om u op 'n Europese avontuur, tesame met volledige moderne geriewe, te neem.

GUNDELFINGERS TRAVEL

JOHANNESBURG • DURBAN • KAAPSTAD •
PORT ELIZABETH • OOS-LONDEN • PINETOWN

Ek stel besonder belang in u Viking Camping Tours.
Stuur asb. vir my die kleurbrosjures oor hierdievakansietoere

NAAM.............................................

ADRES.............................................

Pos aan: Viking Tours, s/v Gundelfinger's Travel, Posbus 1041, Johannesburg, 2000.

Die Matie
VRYDAG, 25 AUGUSTUS 1978

# Op 'n eiland

DIE storie dat Stellenbosch "dood" is, is al so holrug gery dat mense nie meer na sulke geluide luister nie. Sommige gebeure vroeër vanjaar, het buitendien dié deuntjie laat verflou. En tog is daar fout met Stellenbosch – en dié fout is nie van alle doodsheid los te maak nie.

Onses insiens is daar twee groot probleme; die gebrek aan leiers wat die verbeelding aangryp en tweedens die na-binne-gerigtheid van hierdie universiteit.

Oor die leierskrisis is al genoeg geskryf; almal weet dat daar nouliks 'n groter droogte in dié verband kan wees as wat vanjaar die geval was. Die nuwe SR is te kort in die tuig om 'n oordeel oor hulle uit te spreek. Ons is egter optimisties genoeg om te glo dat dit vorentoe net beter kan gaan.

Die in-die-dop-kruipery van Stellenbosch is egter 'n ander wesenlike probleem wat glad te maklik gekoppel word aan ons onafhanklike inter-universitêre posisie. Dit gaan hoegenaamd nie hieroor nie.

Die probleem word geïllustreer deur die tipe naïewiteit wat vra dat *Die Matie* "gemoedelik lokaal-realisties" moet wees, dat die SR hom alleen met politiek wat "vir die student relevant is", moet bemoei en die lagwekkende pamperlang van studente deur hulle teen radikale standpunte te "beskerm". Dit kom tot uiting in die vrees vir wat die "grootmense" van iets sal dink.

Stellenbosch raak gaande wanneer die SR blapse maak, mors sy tyd met nietighede soos ASB-heraffiliasie en raak lewendig wanneer dit by verkiesingstyd kom. In die proses vergeet ons van die tragedies wat hulle afspeel in ons samelewing; vergeet ons van mense wat uit hul huise geboender word, van die uitbuiting wat wetlik-gefundeerd in ons land plaasvind, van die ongeregtighede wat in ons samelewing voorkom.

Sommige van ons fluit vreeslike liberale deuntjies, maar sodra hulle by die essensie van 'n saak kom, sodra hul self iets moet prysgee, trek hulle gou kop in. Andere speel met die idees van oom Connie of bewonder Pik Botha se moed in die buitelandse politiek. Dit is alles goed en wel, maar dan moet ons ook bereid wees om te gaan delf in die probleme wat die ander meer as 20 miljoen mense in hierdie land raak.

Stellenbosch het in 'n sieklike selftevredenheid verval; ons Christelike naasteliefde strek sover as die bearbeiding van siele. Ons hou Sendingweek terwyl mense naby ons in die winter uit hul huise moet wyk.

As Afrikaners behoort ons die beginsel van vryheid en geregtigheid te eerbiedig; as Christene móét ons naasteliefde uitleef. Doen ons dít nie, is ons ontrou aan onsself en aan God.

En as die owerhede van die land of die universiteit in ons weg staan om hierdie noodsaaklike betrokkenheid uit te leef, moet daar iets aan gedoen word.

Dood is Stellenbosch nie, inteendeel, hier is baie lewe. Wat ontbreek is verantwoordelikheid en pligsbesef – teenoor die miljoene in hierdie land wat óf onreg pleeg óf daaronder ly. Daar moet weggekom word van hierdie eilandbestaan, want Stellenbosch is deel van 'n gemeenskap wat ernstige aandag nodig het.

## REDAKSIE 1978

**HOOFREDAKTEUR:** CHRIS HEYMANS, Redaksiekantore: Langenhoven-sentrum 436 en 438 (Tel: 70247); Woonadres: Buitekringweg 17, Dalsig, (Tel: 72709) Boodskappe: Die Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel: 3702)
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** LOUIS HEYNEMAN, Helshoogte (Tel: 4380)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** ERNST RÖTH, Sabo Sela (2345)
**TIPOGRAFIESE REDAKTEUR:** KOBUS PIENAAR, Eendrag (2101)
**NUUSREDAKTEUR:** CALLIE VISAGIE, Eendrag (2101)
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** JOHN VAN BREDA, Die Pieke 9 (3823)
**SPORTREDAKTEUR:** WYNAND FOURIE, De Beerstraat 13 (6433)
**SOSIALE REDAKTEUR:** HENDRIK LE ROUX, Wilgenhof (2027)
**KUNSREDAKTEUR:** THEO SMITH, Chrisma-woonstelle No. 2, (72730)
**TAALREDAKTEUR:** JACQUES HUGO, Eendrag (2137)
**HOOFFOTOGRAAF:** JAN RICHTER, Huis van Zyl (Tel: 4184)
**SUB-REDAKTEUR-NUUS:** JOHAN LÖTTER, Eendrag (2137)
**SUB-REDAKTEUR-INTERUNIVERSITÊR:** BEN KOCK, Majuba
**SUB-REDAKTEUR-NUUS:** MAARTEN MITTNER, Eendrag (2136)
**SUB-REDAKTEUR-SPORT:** KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek
**SUB-REDAKTRISE-SOSIAAL:** ANNELIE ODENDAAL, Westside 7
**SUB-REDAKTEUR-KUNS:** WILLIE VAN DER MERWE, Dagbreek
**NUUSVERSLAGGEWERS:** Erika van Rooyen, Chris Jooste, E.R. Francken, Callie van Heerden, Carol van der Merwe, Johann Theron, J.D. Smit, Gerhard Nienaber, Ilse de Villiers.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** Cobus Kotze, Magdalena Mouton, G. Barnard, L. Steenkamp.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** Trudie Botha, Gerdus Oosthuizen, Coenraad Pieterse, J. van Tonder, Elsa Wasserfall, Charles Roux, Andries Calitz, Sampie Hendriks.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** Piet Naudé, Linda Parker, Lydia Albertyn, Winifred Botha, Jeanne Jordaan.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** Helga Demasius, Lisba Vosloo, Hendrik van der Merwe, André Roothman, Rita Barnard.
**HOOFVERSPREIDER:** Hannes Cilliers, Eendrag (2136).
**SPOTPRENTTEKENAAR:** Clive Trent.
**SEKRETARESSE:** Anita Snyman, Westside 31 (72521).

# SÓ HET HULLE GESELS...

## MATIE – GESPREK

### *Breë spektrum gedek*

MATIE-GESPREK is bykans twee jaar oud en in hierdie tyd het hierdie rubriek gevestig geraak as een van die gewildste en mees insiggewende in *Die Matie*. Ons bied u nou 'n oorsig oor die gesprekke wat *Die Matie* gedurende die afgelope termyn met belangwekkende persone gevoer het.



*Die Eerste Minister, Mnr. B.J. Vorster.*

#### VORSTER

In die uitgawe van 28 April, sê die Eerste Minister, Sy Edele B.J. Vorster, die volgende aan Chris Heymans en Louis Heyneman oor "die student in die politiek":

"Uit die aard van die saak moet studente polities besin. Trouens daar is geen beter tyd om te besin as juis wanneer jy op universiteit is nie. Maar jy moet altyd onthou dat enige besinning, wat jy doen as student, en dit was so in my tyd, dit was voor my tyd só en dit is seer sekerlik ook geldig vir na my tyd, dat enige besinning wat jy doen, onderhewig is aan dat jy eintlik in 'n vakuum besin. Jy het geen verantwoordelikheid nie en tweedens, jy het nie die kennis of ervaring waaraan jy jou besinning kan meet nie."

Oor die politieke relevansie van studente, het mnr. Vorster die volgende te sê gehad: " . . . uit die aard van die saak sal dit 'n dwase Regering wees wat nie kennis neem van wat sy jongmense dink nie, maar dit sal nog 'n dwaser Regering wees wat hom laat forseer in die rigting wat 'n groep jongmense sê die rigting is waarin hy moet beweeg."

**"Dis jou reg om met beperkte kennis en geen ervaring te verskil, maar hoegenaamd nie deur jou standpunt af te druk nie. Wat jy ook al doen, moet jy as jongmens met groot beskeidenheid doen."**

#### VAN HEERDEN

In *Die Matie* van 16 September verlede jaar, sien die vorige hoofredakteur, Etienne van Heerden, in 'n gesprek met Dawie de Villiers, die rol van *Die Matie* só: "Die studentekoerant het 'n tweeledige rol.

In die eerste plek behels dit die objektiewe (sover dit moontlik is) nuusberiggewing van alle fasette van die studentelewe."

"Die tweede funksie van die studentekoerant is die kommentaar funksie."

"Te alle tye moet beriggewing en rubriek- of artikelskrywery streng van mekaar geskei word."

"Wat *Die Matie* spesifiek betref, is dit belangrik dat *Die Matie* steeds 'n ideë-blad bly en nog meer sal word."

Oor die verhouding tussen die SR en *Die Matie*, het hy gesê:



*Auret van Heerden, NUSAS-president.*

**"Daarom, in die lig van hierdie mooi magsbalans, vind ek die idee dat *Die Matie* die SR slegs moet napraat, as ongesond. Dit is juis *Die Matie* se plig om die SR se foute uit te wys en te kritiseer, en natuurlik andersom. Hoe gaan 'n mens anders enigsins 'n standaard handhaaf?"**

#### TÖTEMEYER

In 'n gesprek wat Dawie de Villiers met dr. Gerhard Tötemeyer van die Departement Staatsleer gaan voer het oor sy boek *South West Africa/Namibia*, lig dié akademikus sy standpunt dat Swapo by 'n skikking in SWA/Namibië betrek moet word, toe deur te wys op die aansien wat dié organisasie in die internasionale gemeenskap geniet. Verder sê hy:

"Dit sou egter verkeerd wees om Swapo as die enigste politieke krag in SWA te sien, en daarby ander belangrike politieke kragte soos die Nasionale Party, die pas afgestigte party van mnr. Dirk Mudge, die Turnhalle en die Namibia National Front te negeer."

Oor die skeuring in die Nasionale Party van SWA, en die implikasies daarvan vir die blankes se bedingingsmag, het dr. Tötemeyer hom as volg uitgelaat:

**"Ek glo nie dat die blankes se bedingingsmag weens die skeuring ernstig benadeel is nie.**

**Dit mag selfs wees dat die breuk tot 'n herstel van die vertroue in die blanke by 'n groot deel van die bruin en swart bevolking mag lei."**

#### NUSAS-PRESIDENT

Kort na sy verkiesing as die nuwe NUSAS-president, stel Auret van Heerden die volgende aan Chris Heymans oor kontak tussen Afrikaanssprekende en Engelstalige studente in Suid-Afrika:

"We have different viewpoints and we can not expect Afrikaans students to move to the left, neither can they want us to move to the right. We are striving for compromises, but not if it requires an ignorance of our basic principles. That is one of the reasons why we are opposed to formal contacts with ASB." *(Die Matie, 17 Februarie 1978).*

#### ASB-PRESIDENT

Oor dieselfde onderwerp sê die nuwe ASB-president, Theuns Eloff, die volgende in *Die Matie* van 28 Julie:

"Wat NUSAS aan betref; ek was op die NUSAS-kongres en die SR-konferensie; alhoewel ek nie toe is vir NUSAS nie, het ek nie baie hoop dat ons enige sinvolle kontak met hulle kan hê nie. Ek het begrip vir hulle standpunte, maar gemeenskaplikhede is beperk."


Oor die pad vorentoe vir NUSAS, het mnr. van Heerden gesê: **"NUSAS is much more united than what it was during the past few years. I think we can dedicate ourselves more intensively to our course and see circumstances favourable for our efforts to work for social change in this country to whom we give all our loyalty."**

**En hoe sien Theuns Eloff die ASB se pad? "Ek gaan nie probeer om van die ASB 'n politieke organisasie te maak nie; dit is 'n kultuurorganisasie. Aan die ander kant is politiek 'n baie belangrike deel van kultuur. Die ASB het 'n belangrike politieke rol. Verder moet die organisasie nog verder opgeknap word, ek dink aan projekte soos publikasies, d.m.v. byvoorbeeld pamflette. Betrokkenheid in tuisland-ontwikkeling is 'n ander aspek. Dis belangrik dat die ASB iets konkreets aan sy lede bied."**

#### FRANSE

In 'n gesprek met Kobus Pienaar, lig twee Franse studenteleiers die studentetoneel in Frankryk toe, waarna 'n oorsigtelik *Matie-gesprek* in *Die Matie* van 3 Maart verskyn het.

Onder andere blyk dit dat die Kom-



*Louis Labby, een van die Franse studenteleiers met wie* **Die Matie** *gepraat het.*

munistiese studente-groepe se organisasie baie beter is in Frankryk as dié van die regsgesindes. 'n Behoefte aan die saamsnoering van studente in nasionale organisasies, bestaan ook blykbaar in Frankryk. Die leiers sou graag wou sien dat meer van die Franse studente aktief betrokke sal raak by aangeleenthede rakende die politiek, en ook die kulturele lewe, sodat hul as massa hul

*(Vervolg op bl. 12)*

# NAMIBIË-WEEK AF NA GESKIL

## REKTOR EN SAAK HAAKS



DE VILLIERS



DU PLESSIS

"EK beskou my verhouding met SAAK as geen konfrontasie met die vereniging nie, maar slegs as deel van die normale probleme wat van tyd tot tyd met studenteorganisasies opduik", het die Rektor, prof. J.N. de Villiers verlede week in 'n onderhoud met *Die Matie* gesê. Haakplekke tussen die Rektor en SAAK het reeds vroeër vanjaar ontstaan, maar het 'n hoogtepunt bereik toe die Rektor geweier het dat 'n SWAPO-verteenwoordiger as spreker by SAAK se beoogde SWA/Namibië-week optree.

Die Rektor het gesê dat hy dit as natuurlik beskou dat 'n organisasie soos SAAK moet bestaan en dat hy volkome in ooreenstemming met die doelstellings van die vereniging is. Dit het egter twee jaar gelede onder sy aandag gekom dat SAAK probleme ondervind om Nasionale Party-sprekers by sy vergaderings te kry. Daar is aan die destydse SAAK voorsitter, John Short-Smith, voorgestel dat die SAAK-voorsitter jaarliks 'n lys van voorgenome sprekers aan hom, in oorleg met mn. Hennie Smit, voorlê sodat hulle behulpsaam kan wees met die verkryging van Nasionale sprekers. In hierdie opsig is geen probleme met die 1977-bestuur ondervind nie, en het verskeie regeringssprekers by SAAK vergaderings opgetree.

### ONKONSTITUSIONEEL

Die SAAK-voorsitter vir 1978, mnr. Brahm du Plessis, het egter gevoel dat daar nie aan die Rektor se vereistes voldoen kan word nie. "Die SAAK-bestuur sou onkonstitusioneel optree indien besluitneming *de facto* en in die finale ontleding aan 'n ander instansie oorgelaat word en veral aan 'n persoon soos mn. Smit, wat so nou verbonde aan die partypolitiek is", het hy gesê. Mnr. du Plessis was wel bereid om 'n voorlopige lys van sprekers te verskaf, maar het hom nie aan die goedkeuring van mn. Smit of die Rektor gebonde geag nie. In antwoord hierop het die Rektor gesê dat hy spyt is dat die SAAK-bestuur nie met hom in dié verband wil saamwerk nie.

### SWA/Namibië

In April vanjaar het SAAK gepoog om 'n SWA/Namibië-week te reël waarin 'n wye verskeidenheid van sprekers, van SWAPO tot Aktur, sou optree. Die Rektor het egter geweier dat 'n SWAPO-leier as spreker optree. In 'n brief aan mnr. du Plessis het die Rektor gesê dat Suid-Afrika op die oomblik in 'n oorlog teen SWAPO gewikkel is en dat die belange van Suid-Afrika 'n hoër prioriteit is as die belange van 'n "ope" gesprek op Universiteitskampusse. "Die SWAPO-leier is nie geweier omdat hy Swart is nie, trouens, "ek het my goedkeuring aan al die ander Swart sprekers van die verskillende partye gegee. By SWAPO se weiering het ander faktore 'n rol gespeel", het prof. de Villiers gesê.

### GLOBALE

Mnr. du Plessis het gesê dat a.g.v. hierdie weiering dit onmoontlik was vir die bestuur om 'n globale beeld van die Suidwes-probleem daar te stel. Die SWA/Namibië-week moes toe ter syde gestel word en in die plek kan net 'n bespreking deur akademici aangebied word, het hy gesê.

### BEREID

Prof. de Villiers het gesê dat hy nog steeds bereid is om vir SAAK te help om 'n gebalanseerde program daar te stel. Hy en die 1977-bestuur het goed oor die weg gekom en hy hoop dat die verhouding met die 1979-bestuur sal verbeter, het hy gesê.



*KYK nou hoe ongenaakbaar stap hierdie lid van Kampusbeheer op 'n oortreder se motor af. Wat ook al van Kampus gesê mag word, hul gewildheid is nie die hoogste van alle instansies op Stellenbosch nie.*

# "Die wreedste wet in S.A."

"DIE Kleurling beskou die Groepsgebiedewet as die wreedste wet op ons wetboeke". Só het prof. Erika Theron verlede Donderdagaand op US-gesprek gesels in 'n bespreking oor dié wet.

In haar inleidingsrede het prof. Theron die positiewe aspekte van die wet aangestip as synde die doel daarvan, naamlik die voorkoming van die ontstaan van slumtoestande en as steun vir die wet verwys na die wense van Kleurlinge in Natal en Transvaal om sekere gebiede vir hulself geproklameer te kry, as beskerming teen Swartes.

### NADELE

Die nadele is egter groter en veral die onaangename wyse waarop die wet geïmplimenteer word, is 'n steen des aanstoots. Politieke manuvreuring agter die skerms veroorsaak dat die wet uiters ongewild is en dat die doel daarvan gemis word. Prof. Theron het talle voorbeelde gebruik om die tragedies en wanpraktyke wat met die Groepsgebiedewet gepaard gaan, aan te stip. Daar bestaan verder ander wette wat voorsiening maak vir die oplossing van die probleme waarop hierdie wet gemik is. Blanke selfsug is 'n belangrike probleem wat die wet 'n negatiewe kleur gegee het.

# Sangfees af

**Die hoofuitvoering van vanjaar se Sangfees Saterdagaand, is afgestel, weens die afsterwe van die Staatspresident. Die Rektor, prof. J.N. de Villiers en die Vise-kanselier, dr. J.S. Gericke, sal die begrafnis in Bloemfontein namens die universiteit bywoon. Die universiteit reël geen roudiens nie.**

# ALLE CHRISTENE IN S.A. MOET MEKAAR DIE HAND REIK

'n PANEELBESPREKING is vanjaar vir die eerste keer tydens Sendingweek aangebied. Die bespreking is deur die radiodiens van die SAUK opgeneem vir latere uitsending. Ds. Robert Schmidt van die SAUK het as gespreksleier opgetree. Die paneelsprekers was professor Willie Jonker, hoogleraar in Dogmatiek aan die kweekskool, mevrou A. Jansen, voorsitster van die Verteenwoordigende Kleurlingraad, meneer Justus Tsungu, bekende radiopersoonlikheid en ds. J. Sieberhagen, sendingsekretaris van Kaapland. Die gesprek het na aanleiding van sekere vrae geskied.

Op die vraag of Suid-Afrika wel 'n Christelike land is, het mevrou Jansen geantwoord dat sy hoop dat die republiek wel 'n Christelike land sal word. Daarvoor is dit nodig dat die Kleurlingbevolking verdraagsaam gehanteer sal word. Ons moet verdraagsaam wees teenoor alle mense wat ons daagliks in kontak mee is. Meneer Tsungu het verklaar dat hy van baie mense weet wat meen dat dit onmoontlik is dat ons wel 'n Christelike land is. Die Swartman sien die Blanke in 'n ander lig as ander nasies. Hy voel dat die Blankes die Swartmense moet aanvaar soos hulle is en hulle moet nie gedurig probeer om Swartmense se tradisies, soos byvoorbeeld hul emosionele godsdiens, probeer verander nie. Professor Jonker het gesê dat mens met veiligheid kan aanvoer dat die meerderheid inwoners in Suid-Afrika wel Christene is. Tussen 63% en 68% van alle Swartmense in Suid-Afrika behoort tot 'n Christelike kerk. Maar daar is baie mense wat nie Christene is nie. Vele mense behoort slegs tot kerke maar is nie eintlik Christene nie.


### VERDRAAGSAAM

Mevrou Jansen sien 'n ware Christen as iemand wat besef dat geen mens volmaak is nie, nogtans moet Christene mekaar aanvaar, lig en lei as die geleentheid voorkom in die alledaagse lewe. Ons moet verdraagsaam wees met mekaar se tekortkominge. Die ware Christen moet veral homself in die alledaagse lewe as Christen bewys. Meneer Tsungu meen dat 'n ware Christen se dade harder spreek as sy woorde. Hy moet God in sy lewe eerste plaas. Hy dink dat daar sekere mense in hierdie land is wat ongeduldig optree met sekere onderontwikkelende groepe in ons land. 'n Christen moet homself derde plaas met sy medemens in die tweede plek. Volgens ds. Sieberhagen moet 'n ware Christen erken dat hy 'n volkome sondaar is. Hy moet bereid wees om Jesus Christus alleen as sy Verlosser te aanvaar.

### NAASTE

Op 'n vraag "wie my naaste is", meen professor Jonker dit is enige mens wat jy ontmoet. Die man in die nood wat op jou pad kom is jou naaste. As Christen is jy verplig om reg en goed te doen aan ander mense. Meneer Tsungu meen dat dit die verantwoordelikheid van 'n Christen is om die lot van ander te verbeter. Hy wat van sy besittings gee, gee eintlik min; dit is eers as jy van jouself gee dat jy werklik gee. Jongmense moet wedersydse liefde uitdra. Die gesproke woord speel hier 'n baie groot rol.

# Harde werk



*Só lyk ons redaksielede se kamers in die tyd waarin* Die Matie *tot stand gebring word.*

# perspektiewe en dinge

AS u enigsins dink ek is besig om lang trane te huil omdat ek vir oulaas hierdie rubriek behartig, begaan u 'n growwe fout. En indien ek probeer voorgee dat die sogenaamde *perspektief* wat ek aan die Maties probeer gee het vir my louter vreugde en genot was, dan lieg ek blatant, want ek sou nooit werklik perspektief kon gee aan die volle beeld sonder om hard op tone te trap nie.

Ten einde hierdie rubriek leesbaar te maak en mense nie onnodig op hol te jaag nie, het alles maar so rondom 'n spottery en algemene snert gegaan. Perspektief is egter partykeer kritiek – soms fel kritiek.

Vergun my oplaas om perspektief te gee aan myns insiens die negatiefste sy van Matieland: naamlik die wedywering om leierskap. Die selfverheerliking van die sg. "social climbers" wat gedurig besig is om vir die gallery te "speel" om sodoende mag en aansien te probeer kry vir homself. Na die duiwel met die "saak" waaroor daar gewoeker word – dít is natuurlik net 'n rookskerm vir doelgerigte, onopmerklike "social climbing". Niemand, nie eers die magtige aristokrasie nie, sal dit durf waag om die status van die "establishment" te probeer aanraak nie. Die invloedryke "clicks" is daarvoor te heg gevorm. Wel, synde op die gewraakte oorlogspad, sal ek nou maar voortstrompel en kwalifiseer en kategories (wat 'n lekker "pseudo"-woord van die aristokrasie! ) uiteensit deur middel van voorbeelde, wát presies ek bedoel en wat ek insinueer.

### VIR EIE GEWIN

● Die misbruik van politiek (hetsy links of regs) bloot vir eie gewin. Politieke status is een van die effektiefste statussimbole aangesien die "plebs" niks daarvan verstaan nie. Daar is te veel nie-leiers wat hulself oorskat en wil hand by sit bloot om homself na

**louis heyneman**

vore te bring. Louheid of onbetrokkenheid op die politieke gebied word geensins gepropageer nie, maar oneerlike deelname en skyn-standpunte is laakbaar. Daarvoor is daar te veel politieke tweegesigte op Stellenbosch. Ek voel hoe 'n honderdtal verpletterende blikke my aangluur en my met 'n magtelose woede van die aarde probeer afvee! Wie gee my die reg om iemand – al is dit ook die koning se hond se tante – hiervan te beskuldig?

### "BACK CHAT"

● Doelbewuste kwaadpratery om te verhoed dat iemand anders skielike opgang maak – veral ten koste van jouself. Stellenbosch is bekend vir 'n enorme hoeveelheid "back chat". Stories het die wonderlike vermoë om binne enkele dae die kampus vol te lê.

● 'n Ander baie algemene manier om bo uit te kom, is om te dien op al wat 'n komitee is en dan met onvermoeide ywer te werk sonder om ooit jou pligte gerieflik op ander af te skuif nie. Die komitee waarop so "hard gewerk" is, dien as heerlike "stepping stones" tot groter dinge.

### RONDOMPRATERY

● Die student-aristokraat hou veral daarvan om met groot akademiese 'rondompratery' sy slag te wys by al wat 'n bespreking is. Eintlik is hulle besig om hul eie tyd te mors met eeu-lange relase oor nuttelose dinge of oor dinge wat maklik geskik kon gewees het. Maar ons móét van alles 'n helse "issue" maak anders gaan daar 'n klomp aasvoëls wees wat niks het om hul mee besig te hou nie.

● Selfs op die gebied van sport word dubbele standaarde toegepas. Ander faktore as bloot net meriete skyn soms deurslaggwend te wees wanneer mense beoordeel word op enige vlak van die samelewing.

● Baantjies vir boeties. Hieroor sal ek swyg – dit is miskien 'h heel natuurlike proses van selektering.

● Die rondgooi van mag en invloed. Die doel hiervan is bloot selfbevrediging en hoegenaamd nie 'n middel om 'n duister doel te heilig nie.

● So kan dit aanhou: propaganda-veldtogte, ronddra van sg. "inside information", baie belangrike koukusse, ens., ens.

Kom ons wees 'n slag eerlik! Vir wie gaan dit werklik áltyd om die saak en nie 90% om jouself nie. Of is leierskap juis die vermoë om ander om die pinkie te draai totdat jy genoeg aansien geniet om jou persoonlike sin te kry?

Wil ons nie 'n slag besef dat ons nie regtig so slim is as wat ons dink nie. Ons kan nog nie alles aan die aktualiteit toets nie. (Amper alles, maar nog nie heeltemal alles nie.) Dis hoog tyd dat die kroonprinse van die kampus-'establishment' af kom aarde toe. Dit is soveel makliker om dan (wanneer Stellenbosch verlaat word) maar soos almal weer onder te begin in die samelewing 'daar buite'.

### VIR OULAAS

'n Mens kan verstaan dat sommige nog vir oulaas die gulde kans wil gebruik om te regeer. Aan diegene: pasop vir die dag dat jou broodjie uitgebak is (as hy nie al klaar kliphard is nie). Die dag wat jy hom swart gaan verbrand, is dalk net om die draai. Dis miskien alles slegte raad, maar onthou om met die 'plebs' rekening te hou. Dis húlle wat hier hul sê gesê het. Miskien is dit beperk, sonder insig of baie dom, maar hulle het die getalle . . .

### WRAAKGEDAGTES

Vergeet maar nou die wraakgedagtes. Dit is tog nie die moeite werd om te stry met iemand wat dommer is as jy nie. (Dis nou tensy u met my saamstem.)

Die beste medisyne vir die stem in die woestyn is om dit te ignoreer. Dit sal ophou net so skielik as wat dit begin het en 'n opstand is vir oulaas afgeweer.

Fluit, fluit, hierdie Matieseun se storie is uit. Lint, lint, 'n ander man se begint . . .

# DIE FONTEIN VAN SÊMAARSO

LIEWE lesers, by die aanblik van die heldegalery en die besef dat die einde van die Grosvenor-epos aangebreek het, is u ongetwyfeld sigbaar aangedaan. Dergelike emosies ontsnap ook nie die rubrieksiel van u skinderskrywer nie. Maar laat ek u eerder lei tot altruisme: let op die onuitspreeklike verlies vir Stellenbosch se idee noudat Grosvenor Lucas C. Meintjies III die openbare lewe verlaat. Besef Stellenbosch wat hy inboet aan suiwer, onkategoriese en onverbonde leiding? Besef u dat dringende vraagstukke onopgelos gaan bly — bv. wat beketen subtieler geskut? Hoe verwyder mens die koppelteken uit Christelik-Nasionaal? Waarom laat die Politieke Raad Grosvenor se bolip hang? Waarom dra Mnr. Moerdyk altyd sy wit tekkies na SR-vergaderings? Tergende vrae. En onbeantwoord so in die aangesig van die Apokalips.

Liewe lesers, vandag, as toegif by hierdie slotaflewering, bring ek vir u 'n spesiale uitknip-kolom vir die binnekant van die kasdeur, die familie-album of sommer net vir 'n byderhandjie as u in die duister verkeer en smag na leiding. Fonteinsterre deel hierdie ketter met 'n ruim hart uit. En met 'n patriotiese gevoel jeens alle ledemate tot selfs die kleinste pinkie of middeltoon. Die Heldegalery, die ry van grotes, die profiel van ons room, liewe lesers, hoor trompette as u kan, Fonteinsterre aan:

As sommige van die foto's nie behoorlike geposeer lyk nie, liewe lesers, dit is steelfoto's uit die argiewe van die Meintjies-kamp, spesiaal bekruip en gekliek deur True Grit van die Dept. Beeldende Kunste. (Hy het ook die Meintjies-standbeeld ontwerp, as u reg onthou). Kopiereg berus by genoemde faksie.



Aan Mnr. Gert Rof, volksleier van Die Party en stembuskonvenor, 5 Fonteinsterre vir formidabiliteit en Handhawing.




Aan Mnr. Beitel Breker, berugte klaglêer en seun van die Minister van Suspisie, 5 Fonteinsterre vir nuuswaardige klagtes.



Aan Mej. Ilse Moeniehuil, die nie-lid van die Uitvoerende Komitee en die Erica Theron van die Akker, 5 sterre vir geartikuleerde leierskap, nuuswaardigheid en 'n oop drumpel wat betref voornemende kandidate.



Aan Mnr. Jan-Hendrik Grinnik, partisaanleier en Studentehofster, vier sterre vir onuitputlike revolusionêre energie en volume.



Aan Mnr. J.P. Landensand, US-Gisenspreekveteraan en Hattingh en De Vries-profeet, se ledemate, 4 Fonteinsterre vir politiekery.



Aan Mnr. Petrus Baard, drie Fonteinsterre vir die mees opspraakwekkende voorsitterstermyn in 'n lang tyd.

Terugskouend en op aanvraag van politieke waarnemers het ek 'n kort afskeidsonderhoud met Mnr. Meintjies gaan voer. Ketter: "Wat is u kommentaar? " Lucas Casper: "En ek is nog hý . . ." Ketter: "Is u nou, hier in die aandskemering in u leunstoel, met net 'n sitrusseëltjie as troos, enigsins hartseer oor u uittrede? " Grosvenor. "Ag kwyn man."

Voordat ek groet, 'n huldeblyk aan ons selebriteite van wie u die afgelope jaar in hierdie kolomme kennis geneem het. 'n Oomblik se stilte. 'n Saluut. Dit is húlle insigfose, insigvolle, triestige, helder, produktiewe, kontraproduktiewe optredes en uiterings wat hierdie rubriek moontlik gemaak het. Dit is hulle liewe lesers, wat die idee probeer dink. 'n Spesiale sitrusseëltjie drink ek as heildronk. Ek groet u. Grosvenor nooi u vir slap tjips by die peuselhoekie, of 'n spelletjie jukskei in die Park. Cheers.

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



DIE gesegde KENNIS IS MAG het 'n ryke inhoud en lewensveranderende vermoë. Die mag van kennis bring onderskeid tussen mense van dieselfde ras en ouderdom. As gevolg van kennis ontwikkel die verdwaasde eerstejaar gou tot iemand wie se beskouings gewig dra. By al die positiewe dinge hou hierdie ontwikkeling ook gevare in. Dit lei soms tot eiewaan, en 'n selfverheffende roem in eie vermoëns. Dit mag nie, omdat kennis nie losgemaak kan word van God en van Sy liefde wat Hy Christus geopenbaar het nie. Die liefde waarin 'n mens geanker word wanneer Christus in sy hart woon, is die lewensruimte waarbinne alles moet geskied. Daarbuite bly ook kennisverryking 'n vrugtelose en gejaagde soeke na die waarheid sonder om dit ooit werklik te vind. In Christus is ook die uitoefening van die mag van kennis in die uiterste vorm 'n nederige verheerliking van die verborgenhede van God wat Hy aan jou openbaar. Die meerderheid is geredelik bereid om God as Skepper te erken. Tog, kennismag word baie ingespan om Sy aanspraak as koning van die menselewe af te wys! So word die wese van kennis aangetas. Die Heilige Gees wil in ons werk *juis* om te kan sê: "Here, ek besef dat die verryking met kennis van die wetenskappe slegs 'n poging bly om al u wondere te ontrafel sodat ek vir U beter kan ken en aanbid." Ja, om in Christus te wees, is om te besef dat op kennis in eie reg nie geroem mag word nie, maar dit te ervaar as iets wat deur die liefde van Christus omvat en oortref word. 1 Kor. 8:2 sê: "As iemand meen dat hy enige kennis het, weet hy nog niks soos 'n mens behoort te weet nie, maar as iemand God liefhet, dié word deur Hom geken".

**WILLIE SMITH**

# The other side of the mountain (9)

"The circus is in town! "

For two weeks, life on campus is a farce; a frenzied frenetic farce. The pace of events has Sisyphus in a daze. Everywhere he is aware of preparations being made for the big night. And it is the clowns who have been stealing the show; clowns swotting up the Harlequins Almanack: ("A laugh, a laugh, my career for a laugh" or else "Never in the field of student endeavour has so much depended on so few a laugh") clowns wandering about with smiles torn on their faces, clowns who paint themselves with principles and pathos. Clowns, clowns everywhere, yet never a joke to be seen. As for the acrobats, they seem to have confined themselves to the stomachs of the clowns.

The mens residences, however, are serious. After all, money is a serious matter, and the SR sweepstakes offer the prospect of a quick dollar. The chaps in res have confronted hapless candidates with odds on themselves ranging from the 2—1 "hot favourites" to the 100—1 "outsiders". Yes, they have been deadly serious, deadly being the operative word in the case of Majuba who dug a grave for a "windgat" second-year candidate. You see, he dared to defy that hallowed institution. Tradition. At question time our Matie male shows particularly penetrating insight. Says one creature who might have fallen from the apes: "Fine, so we have open residences. But say there's this social, and I've had too much to drink, and this coloured chap too, and he comes up to my chic and he asks her for a dance. What then? " Smugly he sits down, intoxicated by the force of his crushing logic. The candidate is at loss for words. "Why will this situation only occur when people are drunk? What will he do? Will he say, 'Sorry, but she's my girl? ' "I must admit that the question has got me taped." Female candidates are more fortunate; they are usually asked about the "morality" of pre-marital sex.

And What are the girls' res's like? Sugar and spice and everything nice? Of course, you don't want to trouble meneer die kandidaat with tricky questions. In fact, why ask him any questions at all? Is this the rationale that lies behind the fact that only a dozen out of the combined residences of Nemesia, Erica and Surruria turned up to ask the candidates questions after lunch? Yet most end up voting. How is this possible? Two years ago Sisyphus found a possible answer when on duty at a polling station: A lassie came rushing in with a voting card in one hand and in the other Cassie Waits pamphlet advocating 13 candidates, and dutifully followed his suggestion. After all, how was she to know who to vote for and Cassie did play rugby for W.P. and he had been a responsible member of the S.R.C?

Let the show go on. Horror upon horrors, one of the "verligte" candidates hands his "nomination" in a couple of minutes late, the "stembus komitee" rejects his "nomination" and we have a case before the Student Court. A bit of incompetence from the one side, same hard-necked "spitsvondigheid" from the other, but its all the kind of fun which the gmokke (Groot Mense Op Kampus) relish in.

Anxious possibles cluster around the experienced partisans who whisper election secrets: "Keep a low profile. Cut the hair, but keep the beard. Duck under leading questions. Ek's 'n Christen en ek stem Nasionaal. They won't ask the content of your politics or religion; they're only interested in labels. And have a couple of planted questions ready, but not too obvious. Avoid the "heavies"." Having taken in these pearls of wisdom, the candidate rushes off to have his name immortalized by the 'Fontein van Sêmaarso', then rushes back to his cottage where in a Matie jacket and juskei tie, he dons his image of responsible respectability.

And suddenly its all over. Caught off the wrong foot, Sisyphus has not been able to ask his typical controversial questions. He has not questioned whether it is in fact everyone's duty to vote; nor has he questioned the altruism (the "diens" motive) that seems to drive many theological students to candidature. But he won't mind if you ask these questions'

**JOHN McCALLUM**

# DIE SWART ARBEIDER IS ARM EN MAGTELOOS

## — Ekonomiese dilemma —

DEUR CLIVE THOMPSON



*DIE tyd van volksverhuisings uit Stellenbosch na die strande toe, is byna hier. Dis 'n tyd van son, sand, see en mooi meisies . . .*

**H**OE meer 'n mens na die posisie van die swart werker in Suid-Afrika kyk, hoe skerper word twee aanvanklike indrukke: hy is arm, en hy is magteloos. Wat meer is, 'n sterk verband bestaan tussen hierdie twee waarnemings, 'n verband waarvan die wortels in die verloop van ons geskiedenis gesien kan word.

Die grondslag van die hedendaagse opset lê in die Fisiese oorweldiging van die swartman deur die blanke in die vorige eeu. Veral na die militêre oorrompeling van die Matabele, Xhosa en Zulu magte, het die inisiatief vir politieke ontplooiing feitlik geheel en al in die hande van die blankes gelê. 'n Verwante gevolg hiervan was dat die swartes later ook geen seggenskap gehad het oor die besondere ontwikkelingspatroon van kapitalisme in die land nie.

### ALTYD TWEEDE

Die swartes het tweede gekom op die slagveld, en sedertien het hulle ook tweede gekom op alle ander velde, terwyl die enorme verskil tussen die eerste en tweede prys eers veel later duidelik geword het. Dus vind ons dat na hul oorspronklike nederlae, die hoeveelheid grond toegesê aan die swart bevolking uiters beperk was en die verskynsel van die plakker op die blanke boer se land, het sy ontstaan gekry. Arbeid vir laasgenoemde was nou volop en goedkoop, terwyl die plakkers hulle as ordentlike gasarbeiders moes gedra, want blanke misnoeë sou uitsetting en moontlike hongersnood beteken het. 'n Afhanklikheidsverhouding is daargestel.

### KAPITALISME

Met die ontdekking van goud en diamante in die laat-negentiende eeu, het 'n nuwe dinamiek die arena binnegetree naamlik groot kapitalisme. Hierdie nuwe kragte het 'n ekonomiese ontwenteling aan die gang gesit met wye implikasies op die plaaslike bevolking. In die eerste plek, het die vraag na arbeid drasties gestyg. Geskoolde arbeid kon slegs van die buiteland ingevoer word teen 'n hoër prys, terwyl ondernemers koorsagtig rondgesoek het vir die massa ongeskoolde arbeid wat die mynboubedryf benodig het. Die hoër koste struktuur van die bedryf, tesame met normale winsbejagmotiewe, het die verkryging van 'n oorvloed goedkoop arbeid 'n prioriteit gemaak. Die blankes se eksklusiewe politieke mag en die gepaardgaande wetgewende bevoegdhede het die taak vir die kapitalis maklik gemaak.

**Dus kry ons dat kop- en ander belastings spoedig ingestel is sodat swartes verplig was om hul arbeid aan entrepreneurs in die geld-ekonomie te verkoop. Hierdie onervare arbeiders se bedingingsmag was gering en die mynbase, en later ook die blanke vakbonde, het seker gemaak dat dit gering gebly het. Swart vakbonde was verbied en stakings onwettig verklaar. Arbeid was op monopsistiese wyse gewerf en hierdie uitskakeling van mededinging onder mynbase het meegehelp om lone laag te hou. Met die instelling van 'n reeks wette wat die bewegingsvryheid van werkers erg aan bande gelê het, tesame met die berugte kampongstelsel (oorspronklik iets eie aan die diamantbedryf weens sekuriteitsoorwegings), was die werkgewer se beheer oor sy arbeidsmag netjies afgerond.**

### RASSISTIESE DRAAIE

Die plaaslike variasie van kapitalisme het nou klaar 'n arbeidsonderdrukkende karakter aangeneem, maar dit moes eers nog 'n paar rassistiese draaie maak voordat dit as eg Suid-Afrikaans beskryf kon word. Eerstens het die blanke vakbonde die bevoorregte posisie van hul lede in die mynboubedryf na 'n felle stryd verskans (vlg. die 1922 onluste op die Rand en die welslae van die Pact-regering in 1924). Die eindresultaat hiervan was dat 'n (lae) beroepsplafon oor swart werkers geplaas is – hulle was streng beperk tot ongeskoolde en halfgeskoolde werkskategorieë. Ander bedrywe het mettertyd hierdie voorbeeld gevolg. Die blanke werker was nou beskermd en die mynbaas ontsteld – hy sou anders swartes teen 'n lae loon in die hoë beroepsbetrekkinge kon plaas. Maar met verloop van tyd het dit geblyk dat die kapitaliste tog die beste daarvan afgekom het – die blanke werkers het die stemreg en politieke mag gehad; indien hulle hulself nie van die swart werkers afgesonder het nie, kon hulle hierdie mag ter bevordering van werkers *as 'n klas* gebruik het en kapitaliste 'n lywige knou toegedien het. Die groot meerderheid werkers het egter ongeorganiseerd en sonder bondgenote gebly.

## MENINGS-AKTUEEL

Intussen het boere, blank en swart, planne gemaak. 'n Newe-effek van die belasting op swartes was die opkoms van die kleinboer wat sy produk op die ope mark verkoop het. Hy was skynbaar suksesvol in hierdie nuwe bedryf, want blanke boere het begin aandring daarop dat hierdie ongewenste kompetisie end moet kry. Terselfdertyd het laasgenoemde gekla dat die mynboubedryf besig was om hul werkers af te rokkel, terwyl op sy beurt die mynboubedryf en die ontwakende vervaardigingsektor nog altyd arbeidstekorte ondervind het (Tensy lone op die bestaanspeil is, is daar *altyd* 'n tekort aan arbeid binne 'n kapitalistiese stelsel waar die werkers van die politieke sentrum uitgesluit is).

### ANTWOORD

Die 1913-Grondwet, soos verfyn deur die 1936 wet, het 'n antwoord verskaf. Ooreenkomstig hierdie wetgewing was alle swartes nou tot 13% van die land se oppervlakte beperk wat eiendomsregte betref (grondaankope moet nog in 1978 gemaak word om die grootmoedige belofte te verwesenlik). Sedertien was die swart landbousektor daadwerklik ondermyn deurdat die massiewe staatshulp wat die blanke boere geniet het, hul landgenote (toe was hulle nog) verbygegaan het. Met 'n vinnig groeiende bevolking en 'n gebrek aan kapitaal, plus die grondbeperking, het swart landbou onvermydelik agteruitgegaan. Gelyktydig met 'n proses van modernisasie in die blanke landbousektor, het 'n *samehangende* proses van verarming in die swart sektor plaasgevind (die tekort aan grond onder swartes het hul mededingingsvermoë op die ope mark uitgeskakel en 'n oorvloed van goedkoop arbeid aan alle sektore van die "blanke" ekonomie beskikbaar gestel). Op 'n analogiese wyse is blanke vooruitgang deurgaans met uitbuiting van swartes ineen gestrengel.

### POSISIE VANDAG

Teen hierdie tyd blyk dit duidelik te wees dat die Nasionale Party nie summier verantwoordelik gehou kan word vir die ellendige posisie waarin die swart werker hom tans bevind nie. Inderwaarheid het die regering in al sy doen en late net voortgebou op 'n reeds ingewortelde tradisie, alhoewel hy baie verbeelding aan die dag gelê het in die verfyning van die verlede om die uitdagings van nuwe omstandighede te oorkom.

Vandag word daar gedurig gepoog om 'n beleid gekenmerk deur twee prioriteite uit te voer: blanke oorheersing en materiële welvaart (as ons nou etnies *moet* redeneer, kan eersgenoemde drang as die Afrikaner se bydrae tot die blanke laager beskou word, terwyl laasgenoemde te danke aan die Engelssprekende is – hulle versterk mekaar oor en weer en só word 'n ware Suid-Afrikaanse nasionalisme bevorder). Baaswees en rykwees is die essensie van die lekkerlewe.

### STATUS QUO

**Maar om hierdie status quo te handhaaf, gegewe die toenemende interne en eksterne druk op die bevoorregtes, eis 'n besondere gesofistikeerde strategie. In die verlede is onverdoeselde dwang gebruik om die swartes (werkers) op hul plek te hou. Daar is nie afgesien van hierdie praktyk nie, maar dit word al hoe meer aangevul deur 'n ander manipulasietegniek: selektiewe inkorponering of koöptering.**

### DWANG

Eers 'n paar feite in verband met dwangmaatreëls. Bewegingsvryheid bly iets vreemd vir die swart bevolking: vanaf 1948 tot op hede is meer as elf miljoen mense vervolg in terme van die pas- en verwante wette. (Die syfer vir 1976 is 381 000). Die effek van instromingsbeheer is meervoudig. Saam met die trekarbeiderstelsel, vorm dit 'n ideologiese regverdiging vir die onsteging van politieke regte, en die daarmee gepaardgade magsbasis, aan swartes in die sogenaamde blanke gebiede. Dus is die sirkulende swartes net "tydelik" in die "blanke" areas, al bevind meer as die helfte van hulle hulself buite die tuislande op enige gegewe tydstip. (Die Artikel 10 mense wat kwalifiseer om in stedelike gebiede te woon, bly 'n onoplosbare ideologiese vraagstuk).

### INSTROMINGSBEHEER

Andersyds werk instromingsbeheer en die trekarbeiderstelsel op 'n uiters voordelinge manier vir blankes op ekonomiese terrein. Byvoorbeeld, slegs 20% van die inkomste wat deur trekarbeiders van Bophuthatswana, Lebawa en Grankuwa verdien word, word terug na "tuislande" gevoer. Die res word in die "blanke" gebied spandeer. Omdat trekarbeiders hul gesinne in die "tuislande" moet verlaat (Crossroads uitgesluit), kom dit effektief daarop neer dat die "tuislandekonomie" die gesinne se bestaan subsideer. Die blanke werkgewer betaal 'n ooreenkomstig laer loon aan sy werknemer, want hy het mos ander bronne van inkomste om sy gesin te onderhou. Swart werkloosheid (dit word op net oor die halfmiljoen geskat, terwyl 20% van alle ekonomies aktiewe swartes verkeer in 'n toestand van "onderindiensneming) word na die "tuislande" uitgevoer: die werkloosheidskoers hier is omtrent 5% hoër as in die "blanke" gebiede, alhoewel meer werksgeleenthede bestaan noodwendig in die metropolitaanse gebiede. Die politieke probleme daaraan verbonde – hulle het regtig niks om te verloor nie – asook die koste daarvan word tergelyketyd uitgevoer.

'n Beduidende getal "onwettiges" glip altyd deur die instromingsnet en hulle teenwoordigheid word as 'n handige bonus deur blanke werkgewers geag: hulle word gemiddeld een kwart minder betaal (hul bedingingsmag is nog meer gering weens hul "onwettige" status) en hulle kan byvoordele soos werkloosheidversekering, beseringsvergoeding ens. natuurlik nie eis nie.

### VAKBONDE

Wat vakbonde betref, word hulle nie deur die reg erken nie, alhoewel hulle nie as sodanig onwettig is nie. Ooreenkomste aangegaan tussen sulke vakbonde en werkgewers is dus nie regsbindend nie. Daar word op gereelde basis teen vakbondleiers opgetree – meer as 22 is sedert 1976 verban – en dus loop swart arbeiders nog mank aan organisasie.

### WERKSAFBAKENING

Werksafbakening, wat in elk geval nooit meer as 3% van werkskategorieë geaffekteer het, word geleidelik afgeskaf, maar 'n meer subtiele en doeltreffende plaasvervanger het sy verskyning gemaak: as 'n erkende vakbond (dit wil sê een met blanke, kleurling of Indiër lede) 'n ooreenkoms met 'n werkgewer aangaan, word daar normaalweg 'n klousule ingesluit waardeur sekere werkskategorieë "slegs vir vakbondlede" behou word. Hierdie ooreenkomste, wat regsbindend krag dra, sluit dus effektief swartes van talle werksmoontlikhede uit. Die lys is nog lank, maar hiermee sal ons moet volstaan.

Die behoud van blanke oorheersing en welvaart is ook bevorder deur 'n koöpteringsprogram. Ingevolge hierdie plan word 'n minderheid strategies geplaasde swartes toegelaat om in die vrugte van mag en rykdom te deel. Die agterliggende idee, vreemd soos dit mag klink, dat 'n swarte somtyds 'n rol beter as 'n blanke kan vervul. Op politieke terrein beteken dit dat die Lucas Mangopes en die Lennox Sebes nou aansienlike dele van die swart grond kry in plaas van blanke amptenare en sekuriteitspersoneel. Hulle het nou 'n gevestigde belang (status, geld) in die handhawing van die bestaande opset, maar die Groot Plan is só uitgewerk dat hulle nooit 'n ware bedreiging vir die Baasstaat sal wees nie weens absolute ekonomiese afhanklikheid. (Gatsha Buthelezi is besig om hierdie aanname te toets, Matanzima het klaar bewys dat dit waar is.) Die "tuislande" plak op die blanke plaas suid van die Limpopo; dus moet hulle hulself gedra.

### MIDDELKLAS

Koöptering op ekonomiese gebied beteken die aanmoediging van 'n stabiele swartmiddelklas. Hulle is per definisie 'n selftevrede en dus nie-rewolusionêre klas en word as bereikbare voorbeeld vir die verarmde en potensieel opstandige massas voorgehou. Wat albei nie besef nie, is dat binne 'n resistiese en uitbuitende kapitalistiese opset, kan die middelklas nooit meer as 'n minderheid akkommodeer nie.

### ANDER WOORD

Die tweeledige koöpterings en onderdrukkingsstrategie van die regerings is 'n uiters gevaarlike spel, omdat alle faktore wat die sosiale eksperiment affekteer nie beheer kan word nie (inderwaarheid is van die faktore nie eers bekend nie). Maar 'n beginselvaste volk sal hulle nie hieraan steur nie. Intussen duur die lekkerlewe voort, maar die swartes het 'n ander woord daarvoor.

# MISLEI

*(Vervolg van bl. 4, kol. 5.)*

"Dit is baie duidelik dat hierdie verkiesingsset slegs deur mnr. Joubert beplan en gebruik is ter bevordering van sy eie persoonlike saak in sy eie guns." Ter versteuring hiervan dien die feit dat die ander persone wat gemoeid was met die Dagstudente-verkiesingsveldtog, onbewus was van hierdie verkiesingssset en hulle in *Die Perdeby* distansiëer van mnr. Joubert se optrede. Verder was die redaksie van die *Hoofstad* wat deur die plasing van mnr. Joubert se berig die debakel begin het, totaal onbewus daarvan dat dit 'n verkiesingsset was. Mnr. Grobbelaar wat verantwoordelik was vir die plasing van die berig, stel dit duidelik in *Die Perdeby* dat *Hoofstad* nie direk of indirek en doelbewus deelgeneem het aan hierdie verkiesingsset nie."

### FOUTEER

Mnr. Pep Joubert, wat sy kandidatuur toe op die vooraand van die verkiesing herroep het, verklaar in *Die Perdeby* dat hy besef hy het fouteer. Volgens homself het hy dinge gesê wat teenstrydig met sy verkiesingsbeleid was en voel baie spyt oor die "verkiesingsset" wat hy geïnisieer het.

## Die studente sê . .

- **dat hulle bly was om op die sirkus te sien dat Stellenbosch se studente nog sinvol ernstig kan wees**
- **dat die sloping van plakkerskampe al erg genoeg is sonder winterreën**
- **dat voornemende kandidate vir 1979 se SR-verkiesing glo reeds hul draaie begin gooi.**

# Bohaai bars los oor bestaansreg van ISR

M. COETZEE, MAJUBA skryf:

**NA aanleiding van die beswaar van die I.S.R. in die vorige uitgawe sal dit miskien insiggewend vir die I.S.R. wees om te verneem hoe sommige van ons as gewone ingenieurstudente voel oor sy studenteraads-status en die "indrukwekkende" lys van aktiwiteite. Vir die *buitestaander* lyk dit inderdaad net so indrukwekkend as die spesifikasies van 'n formule-1 Ferrari.**

Ek kan in die lig van die argumente deur die I.S.R. aangevoer steeds nie sien hoekom 'n studenteraad vir die ingenieurstudente nie wel oorbodig is nie. I.v.m. argument no. 1 dat die I.S.R. slegs die ingenieurstudente verteenwoordig en die belange van die studente in die professie bevorder: Hierdie argument sou net so maklik aangevoer kan word deur die Regs- of Handelsstudente indien hulle regverdiging vir die stigting van hulle eie studenterade sou soek, omdat hierdie argument net so geldig is vir die Landbouvereniging, Juridiese of Handelsverenigings. I.v.m. argument no. 2: Die stellings dat die I.S.R. as koördinerende liggaam oor die VSIS optree, kom in die praktyk, hoe uiters indrukwekkend die stelling ook al mag klink, maar net op die volgende neer: Die I.S.R. is die VSIS-bestuur. Die skrywer noem hier ook dat die VSIS die tweede grootste vereniging is, gemeet i.t.v. finansiele omset en studente lidmaatskap, maar noem dit nie dat elke ingenieurstudent outomaties lid van die VSIS is en dat daar teen wil en dank vir hom 'n fooi ten bate van die VSIS by sy rekening gevoeg word. Ek kan in elk geval nie insien hoe die grootte van die vereniging gebruik kan word as 'n argument ten gunste van die bestaan van hierdie "studenteraad" nie.

### LANG LYS

**Wat die lang lys van aktiwiteite van die I.S.R. betref, gaan dit ook my verstand te bowe hoe dit kan dien as regverdiging vir die bestaan van hierdie "studenteraad". Die meeste fakulteitsverenigings op Stellenbosch reël tog ook ontspanningaktiwiteite, referate, skemas ens. ens. vir hulle lede. (Wat het die toeskouertal by die trapkarwedren in elk geval met die hele aangeleentheid te doen? ). Die Handelsvereniging hou ook 'n handelsweek, insluitend mej. Handel. Die oorgrootte meerderheid ingenieurstudente weet niks van die referaatkompetisie nie. In die vier jaar as ingenieurstudent, is dit in elk geval die eerste keer dat ek daarvan hoor. Die boekeskema is 'n klug. Dit gebeur gereëld dat die boekehandelaar met wie die I S.R. dan sou koördineer, te min eksemplare van 'n boek bestel, omdat verkeerde syfers aan hulle verstrek word. Finansieel hou die boekeskema in elk geval geen voordeel in nie. Elke ingenieurstudent weet dat boeke elders goedkoper is as by die handelaar in samewerking met wie die I.S.R. die skema sou reël. I.v.m. die I.S.R. se SAFUIS-affiliasie: Die handelsvereniging is ook geaffilieer by AEISEC wat 'n internasionale organisasie is en waardeur hulle ook oorsese vlugte en werk vir handelsstudente reël – min mense sal dit as argument kan aanvoer vir die stigting van 'n handels-studenteraad.**

Ag nee wat, ek kan regtig nie insien hoe om ons as Ingenieurstudente die status van die VSIS-bestuur (wat ek wel as 'n noodsaaklike liggaam beskou) moet probeer verhef, bo dié van die besture van ander fakulteitsverenigings, tot dié van 'n Studenteraad nie, dit kom tog net weer op kleinlike grootdoenerigheid. Die stempersentasie van ± 40% by die verkiesing van die VSIS-bestuur (I.S.R.) is m.i. na alles 'n aanduiding van die aansien wat hierdie "Studenteraad" by die ingenieurstudente geniet.

### DIE I.S.R. antwoord:

*In sy rondtastende onkunde maak die skrywer talle ondeurdagte bewerings en die I.S.R. voel verplig om dié wanopvattings reg te stel, alhoewel die presiese doel van die brief vaag en dubbelsinnig is.*

*Mnr. Coetzee bevraagteken die term 'studenteraad' gekoppel aan die I.S.R. deur daarna te verwys as 'kleinlike grootdoenerigheid'. Analoog aan hierdie sisteem van veroordeling deur hom moet egter konsekwent volg dat hy die nuwe Studenteparlement en Politieke Raad ook 'n 'kleinlike grootdoenerigheid' sal afmaak, terwyl hierdie liggame ontstaan het uit 'n lewendige behoefte by die Stellenbosse studentepubliek om hulself deeglik te organiseer en gehoor te laat gee aan hul verteenwoordigende mening. Geen 'verhefte status' word aan die I.S.R., P.R. of S.P. gegee deur die blote benamingskeuse nie en die onus rus steeds op elk van hierdie liggame om bewys te lewer van hul bestaansreg. 'n Studenteraad (a) verteenwoordig die belange van 'n studente-liggaam waarvan studente outomaties lid is, (b) word, anders as 'n bestuur, verkies deur die proses van genomineerde kandidate, 'n sirkus en 'n daaropvolgende stemdag. Hierdie stelsel hou die besondere voordeel in dat 'n veel groter aantal studente betrek word by die verkiesing van die koördinerende liggaam deurdat die 40% stempersentasie 400 stemuitbringende studente uit 'n moontlike 1 000 verteenwoordig teenoor die 4% van ingenieurstudente wat by die jaarvergadering van die VSIS teenwoordig is en beskikbaar sou wees vir 'n VSIS-bestuursverkiesings.*

*Ook die Verenigingskomitee verleen erkenning aan die bestaan van newestudenterade as 'n ander tipe organisasiestruktuur en NIE bloot as 'n verskillende benaming nie.*

*Die skrywer kan homself gerus daarvan vergewis dat die I.S.R. as koördineerder oor die VSIS, soos die Geneeskundige Studenteraad oor die mediese studente, die Tandheelkundige Studenteraad en die Buitemuurse Studenteraad oor die Buitemuurse Handelstudenteliggaam aan bogenoemde vereistes voldoen.*

*Dit is dus op grond van die voorafgaande heeltemal duidelik dat die I.S.R. volle bestaansreg as studenteraad het.*

*Die verwysing na die finansiële belange van die VSIS: Die jaarlikse omset van die VSIS bedra ongeveer R12 000, R1 500 waarvan afkomstig uit outomatiese studentelidmaatskapsgelde en 'n soortgelyke bedrag vanaf die Verenigingskomitee. Die VSIS herhaal derhalwe sy aanspraak as synde die tweede grootste studentevereniging op die U.S. kampus.*

*Die beweringe deur die selferkendapatiese mnr. Coetzee rakende die boekeskema en referaatkompetisie dui op so 'n mate van belangeloosheid dat die ISR hom van kommentaar in dié verband weerhou, veral aangesien daar in die Skakelkomitee en Studenteklagtes voldoende kanale bestaan vir die oplos van interne probleme. Die vergelykende argumente t.o.v. die studenteorganisasie binne die Handelsfakulteit het geen betrekking op die bestaansreg van die I.S.R. nie.*

**(Antwoord verkort – Red.)**





**'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:**



1. **Gerieflike onttrekkings** – by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** – daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** – maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** – egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** – al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** – almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** – vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal.
8. **Gerieflike kostebesparing** – geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** – u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**

Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 400 000 000


## SPIKKELS WEN R50



*SPIKKELS VISAGIE ontvang hier die eerste prys vir die Sportmankompetisie van die Sportredakteur, Wynand Fourie.*

# Sisyphus se klip gevaarlik

LOUIS KRÜGER skryf:

DAAR is 'n karakter wat hier op die kampus ronddwaal, en wat – so vermoed ek – heelwat minder aandag kry as die karakters van Sêmaarsofontein, desondanks gooi hy links en regs klippe; sommiges ontsenuwend naby aan die kol, ander weer sommer dié kant toe. Dié karakter is natuurlik die nimlike Sisyphus van Anderkant-die-berg.

In die vorige uitgawe van *Die Matie* begeef die Kêrel-met-die-Klip hom toe mos op die terrein van die godsdiens, en meer bepaald die Christelike godsdiens. En terselfdertyd pluk hy ook die politiek nader. Oor die man se opmerkings oor die politiek kan 'n mens seker maar net jou kop simpatiek knik. Tóg kan jy nie dieselfde doen wanneer hy by die godsdiens kom nie.

### SIMPATIEK

**Hy praat nogal heel simpatiek oor Jesus van Nasaret, dié Sisyphus – iets wat nie 'n onbekende verskynsel is onder die sg. humaniste is nie. (Ek glo nie Sisyphus sal steier van verbasing as 'n mens hom daarop wys dat daar niks maar niks nuuts onder die son is nie.) Dis juis op hierdie punt dat die Kêrel-met-die-Klip hom misgis – nl. wanneer hy Christus as die Groot Humanis voorhou, en wel op só 'n manier dat hy duidelik sy onkunde laat blyk oor waarom dit nou eindelik in die Christelike godsdiens gaan. Hy stel bv. die God van die Ou-Testament lynreg teenoor dié in die Nuwe-Testament. Blykbaar besef hy ook nie dat daar 'n sekere ongenaakbaarheid is wat doodeenvoudig hierop neerkom: Of Christus was die Seun van God, soos Hy immers self beweer het, óf Hy was 'n leuenaar. En verder: Óf die Bybel is die Woord van God, óf dit is die "grootste bedrog van alle tye." Na my mening ken ons Christus nie, behalwe uit die Skrif. (Ek vermoed dis ook juis dáár waar onse Sisyphus met Hom kennis gemaak het.) Sisyphus verkondig dus 'n denkkonstruksie, 'n mite.**

### SUPERSTAR

Ook 'n paar ander klippe vlieg 'n bietjie wild. Só reken ek bv. dat die man nog nie persoonlik 'n opvoering van Jesus Christ Superstar gesien het nie. (Indien hy dit wel gesien het, vra ek om verskoning, maar verwyt hom in dieselfde asem dat hy die Superstar-problematiek effens simplisties stel.) Die klippe oor die woord tokkelok en oor Sondagsport sou moontlik meer gewig gedra het, had onse vriend maar net sy statistiek aangeheg.

**Die laaste sin uit Sisyphus se krabbelende pen lui as volg: "These and other questions ('n mens wonder onwillekeurig: wátter *questions* pla die ou man nog? ) have brought Sisyphus to the conclusion that we are not honest about our religion."**

Nou weet 'n mens nie hoé vaardig Sisyphus ná al die jare al sy lyf gooi wanneer die klip begin terugrol nie, nogtans kan 'n mens dit waag om die volgende stukkie raad te mymer: Oppas vir die dag as daardie klip half onverwags bó-oor jou rol.

## GESPREK

*(Vervolg van bladsy 8 kolom 5)*

regmatige plek in die samelewing kan volstaan.

Oor die betrokkenheid van studente by die landspolitiek, stel Daan Mills, toe nog Vise-president van die ASB en voorsitter van UP sé VSR, sy standpunt as volg aan Dawie de Villiers in *Die Matie* van 14 April:

**"Studente moet polities bewus en betrokke wees deur aktief belang te stel in die politiek van die land, deur te besin oor politieke vraagstukke en standpunt in te neem. Dit is ook die plig van die student om in sy politieke- en samelewingsverband 'n bydrae te lewer tot die daarstelling van die beste bestel vir die mense van S.A."**

In die uitgawe van 26 Mei vertel die voorsitter van die Junior Breëbestuur, Deon de Kock, die een en ander aan Kobus Pienaar oor dié liggaam se nuwe aktiewe rol op Stellenbosch. "Ek sien die Junior Breëbestuur ook nie net as 'n liggaam wat sekere verpligtinge moet nakom nie, maar ook as 'n leierskool vir juniors. Hoewel die bestuur op 'n taamlik lae en praktiese vlak funksioneer, bestaan daar tog 'n gulde geleentheid om ondervinding op te doen. Dit gebeur dikwels dat studente 'n lat in die hand kry en nie weet wat om daarmee te doen nie. Die Junior Breëbestuur kan dien om die gaping tussen die skool en seniorskap aan die universiteit te oorbrug."

In *Die Matie* van 11 Augustus, lewer dr. John Kannemeyer van die Departement van Afrikaans-Nederlands, die volgende kommentaar oor oud-regter Lammie Snyman se N.P. van Wyk Louw-gedenklesing in 'n gesprek met Louis Heyneman: "Hy het die geleentheid om op die gedenklesing as spreker op te tree, misbruik deur sy agterlike opvatting van die literatuur."

Oor "ware skryfkuns", het dr. Kannemeyer hom as volg uitgelaat: "'n Geslaagde kunswerk het gewoonlik 'n goeie balans tussen die aktuele en die universele. Die universele, hoe onverganklik ook al, het nie met die menslike kondisie te make nie."

**Nog 'n opmerking van dr. Kannemeyer: "Mense hou nou eenmaal nie van profete nie! Skrywers wat die waarheid propageer is kwalik gewild en dit is die basiese rede vir die ongewildheid van sekere skrywers."**

Met die toenemende aktualisering van *Matie-gesprek*, kan voorsien word dat hierdie rubriek gevestig sal raak en een van die kragbronne in *Die Matie* sal word.


Wynkenners kies
Witzenberg
–ware wyn van die land
LANDKEUR
KEURIGE ROOIWYN
CHOICE DRY RED WINE
LANDKEUR
STEIN SELECT
HALFSOET WITWYN
Waar wyn 'n leefwyse is, is Witzenberg die keuse. 'n Wye reeks van natuurlike, eerlike landwyne – geurig vir die neus, vrugtig op die tong, suiwer genot uit die wingerdstok.
Kennerswyn vir aldag se skink.
Teen 'n prys waarop elkeen kan klink.
Die manjifieke Witzenberg-reeks
Droë Wit · Perlé Rosé · Perlé · Keurige Rooiwyn · Stein Select · Edelgoud Late Harvest
NOU OOK IN DIE SIERLIKE 2-LITER MAKSI-KRUIK

# Vrae?



*Daar waar studente bymekaarkom, is die afgelope tyd hewig gesels oor die SR-verkiesing. En steeds vra almal vrae . . . hoe? . . . waarom? . . . waarnatoe?*

# VERKIESING : TEKORTE BEGUNSTIG KANDIDATE

MET verkiesingstyd word mens weer opnuut bewus van die tekorte wat daar heers met die bekendstelling van die kandidate. Dat daar by die stembusse 'n atmosfeer van onsekerheid heers oor sommige kandidate, sal deur min ontken word.

Vir die kies van 'n goeie, verteenwoordigende SR is dit nodig dat die kandidate beter bekendgestel word as wat die huidige prosedure toelaat. Kan daar bv. van 'n eerstejaar verwag word om na een koshuisbesoek van 'n kandidaat en 'n sirkus-optrede, te weet waar hy met 'n betrokke kandidaat staan? Nog 'n vraag is of dit reg is teenoor 'n SR-kandidaat dat sy optrede op een sirkus kan bepaal of hy die SR haal of nie.

Daar sal aandag geskenk moet word aan die moontlikheid van "mini-sirkusse" wat bv. oor middagete in die L.S.S. gehou kan word. 'n Ander moontlikheid is dat dit in koshuisgroepe georganiseer word, waar twee of drie koshuise vergader en vrae deur 'n voorsitter gevra kan word. Hier kan 'n vraesteller toegelaat word om in 'n dialoog met 'n kandidaat te tree. Só 'n prosedure sal die juigbrigades en geplante vrae in 'n groot mate uitskakel. Studente het dan ook beter geleentheid om uit te vind wat ander studente van die betrokke kandidaat weet. Meer mense sal ook die geleentheid kry om te sien hoe 'n kandidaat soms soos 'n klein seuntjie lyk wat raas kry, wanneer hy in dialoog verkeer met een van die kampus se meer senior vraestellers. Verder sal die dames ook geleentheid kry om te sien volgens watter norme 'n kandidaat eintlik beoordeel behoort te word.

Hierdie mini-sirkusse moet egter nie beteken dat die koshuisbesoeke soos in die huidige vorm heeltemal verdwyn nie. Met hierdie persoonlike kontak word heelwat belangrike indrukke (of wanindrukke) geskep. Dit dien as 'n goeie kweekterrein vir vrae wat op 'n mini-sirkus gevra kan word. Op die mini-sirkusse sal die studente dan die geleentheid kry om die indrukke wat op persoonlike vlak by hulle geskep is, by wyse van vrae aan kandidate, aan mede-studente vir beoordeling voor te lê.

As hoogtepunt van die verkiesingsveldtog, kan die tradisionele sirkus steeds op die vooraand van die verkiesing gehou word. Teen hierdie tyd sal die kandidate, sowel as die ander studente, deeglik voorberei wees en kan die brigades maar juig en vrae maar geplant word, sonder dat dit heel maklik die uitslag van die verkiesing in 'n bepaalde rigting kan swaai.

Aan 'n oplossing sal egter nog deeglik gewerk moet word. Die groot doel sal steeds moet wees om, veral in die lig van die "politiese" rol van die SR, 'n verteenwoordigende SR daar te stel – verteenwoordigend van die mening van die hele kampus.

**Callie van Heerden**

# Nuwe liggame hou gevaar in van duplisering

DIE Implementeringskomitee se voorstel kom basies daarop neer dat daar nou drie liggame op die kampus gaan wees wat op 'n verteenwoordigende basis in belang van die Studente-unie kan fungeer, nl. die Studenteraad, die Politieke Raad en die Studente Parlement.

Die Studente Parlement, wat bestaan uit een lid genomineer deur elke koshuis, 'n lid aangewys deur elke erkende vereniging en alle lede van die SR, kan 'n positiewe bydrae lewer deur politieke aangeleenthede en studentebelange sinvol te bespreek en aanbevelings aan die SR daaroor te doen. Die Studente-unie sal definitief nouer skakeling met SR-bedrywighede hierdeur verkry.

### POLITIEKE RAAD

Die Politieke Raad, bestaande uit 5 lede van die SR en 5 lede van die SP, fungeer as 'n vaste komitee van die SR. Die doel van die PR, is klaarblyklik om die Studente-unie te stimuleer ten opsigte van probleme van die dag.

### STIMULERING

Word daar egter gekyk na die maniere waarop die stimulering bewerkstellig sal word, asook die feit dat die PR, net soos die SP, ook aanbevelings aan die SR sal doen, blyk daar onnodige duplisering te wees. Die PR behartig 'n funksie wat duidelik die hoofdoel van die SP is, nl. aanbevelings aan die SR. Ook blyk dit dat die versoek van die Studente-unie dat die SR kreatief moet wees, soos op die monstervergadering van 1 Mei 1978 uitgespel, nie verwesenlik kan word as sekere pertinente take van die SR op die PR afgeskuif word nie.

### SAMEWERKING

Dit lyk dus asof daar weer gekyk sal moet word na die wenslikheid van die PR al dan nie, maar dat die idee van samewerking tussen 'n SP en die SR groot moontlikhede inhou.

### STANDPUNTINNAME

Die beginsel wat duidelik moet geld, is dat die SR se beslissing oor aanbevelings sal geld as standpuntinname namens die Studente-unie. Ook val dit binne die rol van die SR om om te sien na koördinering van besprekingsgroepe, bepaling van moontlike jaarlikse temas, studiegroepe oor aktuele onderwerpe, verspreiding van inligting deur middel van *Die Matie* en US-gesprek. Dit sou 'n ontduiking van 'n verpligting teenoor die Studenteunie wees, indien sulke take aan 'n PR oorgelaat word.

**JOHAN NAUDÉ**

# Groot pryse vir foto's

FOTOVARIA 78, *Fokus* se jaarlikse fotokompetisie vir alle ingeskrewe studente is weer op hande. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 25 Augustus om 17h00.

Inskrywingsvorms en verdere besonderhede is verkrygbaar by die kantoor langs die Kitsarea in die LSS, of by *Fokus* se donkerkamer in die kelderverdieping van die LSS.

### SWART-EN-WIT

In die swart-en-wit-afdeling kan daar in die volgende kategorieë meegeding word:

1. Aksie.
2. Gesigte, "glamour & fashion".
3. Landskappe.
4. Eksperimentele fotografie ("trick" fotografie).
5. Studentelewe.
6. Varia (fotos wat nie onder bg. kategorieë val nie.)

### KLEURSKYFIES

In die kleurskyfie-afdeling is daar geen kategorieë nie, d.w.s. alle skyfies word in 'n ope-kategorie beoordeel.

### PRYSE

Daar sal altesaam R240 aan prysgeld uitgeloof word. Daar sal twee eerste pryse wees van R50 elk in elke afdeling (swart-en-wit en kleurskyfies); twee tweede pryse van R30 elk; en twee derde pryse van R10 elk. Daarbenewens sal elke kategoriewenner in die swart-en-wit-afdeling 'n prys van R10 ontvang.

### BEGINNERS

Die ingeskrewe lede van *Fokus* wat in die loop van die jaar beginnersklasse bygewoon het, kan swart-en-wit fotos in die beginnersafdeling inskryf. In hierdie afdeling sal daar net 'n eerste prys van R20 uitgeloof word.

# NUWE KURSUS KOM VIR LANDBOUSTUDENTE

'n NUWE kursus vir die verwerwing van die graad B.Comm. (met rigting landbou-ekonomie) is aan die Universiteit ingestel. Dit sal resorteer onder die fakulteit Handel en Administrasie en word van die begin van aanstaande jaar af aangebied.

Herhaalde vertoë vir die instelling van so 'n kursus is die afgelope twee jaar van die kant van die georganiseerde landbou van die U.S. gerig. Soortgelyke versoeke is ook gerig op afgelope kongresse van die Landbou-ekonomie Vereniging van Suid-Afrika asook deur 'n spesiale subkomitee van dié Vereniging wat saamgestel is om te besin oor opleiding in landbou-ekonomie. Dié komitee het benadruk dat die twee grootste Afrikaanstalige universiteite, t.w. Stellenbosch en Pretoria, nie so 'n graadkursus aanbied nie.

'n Nypende tekort aan graduandi wat in bestuursposte in die agri-bedryf moet staan, word ondervind. Hier word veral gedink aan bv. die Landbou-koöperasies

Daar is veral behoefte aan 'n suiwer handelsgeoriënteerde graad met landbou-ekonomie as hoofvak en 'n sterk komponent van veral finansiële rekeningkunde saam met bedryfsekonomie en ekonomie.

In die verlede moes die gewone B.Comm. in hierdie behoefte voorsien, maar 'n gebrek aan kennis van die ekonomiese struktuur van die Landbousektor is as 'n belangrike leemte gesien. Nóg die B.Sc.-graad (landbou-ekonomie) nóg die B.-graad in landboubestuur maak voorsiening vir finansiële rekeningkunde, 'n kursus wat al hoe dringender word vir die Landbousektor in Suid-Afrika.



*MNR. GRIFFITHS (regs) word geluk gewens nadat hy in die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad die enigste kandidaat uit 1 100 was wat met lof geslaag het. Hier wens prof. J.A. Matthee van die Departement Rekeningkunde hom geluk.*




SPIER RESTAURANT

OOP DINSDAG TOT SATERDAG VIR MIDDAG EN AANDETE : A LA CARTE.

SONDAG SLEGS VIR MIDDAGETE : VASTE SPYSKAART.

ONS BIED 'N VERSKEIDENHEID VAN DISSE AAN OM BY ALMAL SE SMAAK SOWEL AS SAK TE PAS.

MEER AS 80 WYNE OM VAN TE KIES.

GELEË TUSSEN VLOTTENBURG EN LYNDEDOCH STASIES
TEL. 02234-242

# SIMONSBERG MAAK 28—0

# Hard

# AMOK TEEN DAGBREEK

SIMONSBERG het Dagbreek verlede Vrydag in alle fases van hul wedstryd oorskadu. In die eerste helfte het Dagbreek hul nog goed van hul taak gekwyt, maar in die tweede helfte was daar net een span op die veld. Dagbreek se voorspelers kon net nie die bal beheer nie en as die bal by die agterlyn gekom het, het hulle nie geweet wat om daarmee te maak nie.

Simonsberg se eerste punte het gekom na 'n strafskop, eintlik teen Dagbreek se toeskouers wat in die veld gestaan het. Etsebeth het met 'n skepskop geslaag en Simonsberg was 2-0 voor.

Net hierna het du Toit in Dagbreek se agterlyn gekom en is duime van die doellyn gestuit. Dagbreek het in hierdie tyd hulle beste spel gelewer. Ongelukkig vir hulle is P. Kleyn (senter) gestraf vir gevaarlike spel en Krugman het die maklike strafskop in punte omskep (4-0). Hierna het Simonsberg al beter begin speel, maar du Toit het Dagbreek male sonder tal met skoonvange weer in die prentjie gebring.

Die keerpunt het gekom toe Geldenhuys (skrumskakel) 'n skitterende lopie al langs die kantlyn uitgevoer het en toe hy vasgevat is, binne toe gevoer het. De Wet (senter) het onder die pale gaan druk. Krugman het geen foute gemaak nie (10-0). Dit was ook die rustydtelling.

### ROOI TRUIE

Na rustyd was dit net die rooi truie wat orals was. Hulle is veral ook meegehelp deur die feit dat Dagbreek se verdediging drasties verswak het. Barnard, wat 'n swak diens van sy skrumskakel gekry het, kon ook nie sy normale goeie skoppe lewer nie. Simonsberg het ook kruis en dwars oor die veld gehardloop.

In hierdie helfte het Etsebeth (2), Lerm en Muller drieë vir Simonsberg gedruk wat die eindtelling op 28-0 te staan gebring het.

Vir Simonsberg het veral Geldenhuys en Etsebeth uitgeblink terwyl Du Toit uitstekend vir Dagbreek vertoon het.



*Koshuisrugby bly 'n harde spel. Hier klim die voorspelers van Mabré en Helderberg hard in om besit van die losbal in hul onlangse wedstryd. Die hoogtepunt van verlede Vrydag se rugby was egter Simonsberg se skitterende vertoning teen Dagbreek.*

## OUDE MOLEN

IN 'n wedstryd wat baie gelykop verloop het, het Oude Molen daarin geslaag om Helshoogte met 18-12 te klop. Die eerste helfte is gekenmerk deur baie losspel, skrums en lynstane. Daar was dus weinig sprake van werklike konstruktiewe rugby aan beide kante.

Wat lynstane betref het beide spanne elk 6 gewen. In die los was Helshoogte 'n kortkop voor, deur 4 losskrums teenoor Oude Molen se 3 te wen. Oude Molen kon egter 1 vasskop haak terwyl Helshoogte niks kon vermag nie.

Helshoogte slaag egter daarin om eenkeer agter Oude Molen se doellyn te gaan kuier, wat dan ook die rustydtelling op 4-0 in Helshoogte se guns te staan gebring het.

### 3 DOELE

In die tweede helfte het Oude Molen die inisiatief geneem en die spel 'n bietjie begin vasmaak. Die lynstaanstryd was weer baie gelykop, met 2 aan Oude Molen en 3 aan Helshoogte. In die los was Helshoogte egter baas deur die losskrums 6-4 te wen.

Oude Molen het in die tweede helfte 3 doele teenoor Helshoogte se 2 drieë behaal, wat die eindtelling 18-12 in Oude Molen se guns te staan gebring het.

Helshoogte se punte het bestaan uit 3 drieë, gedruk deur vleuel M. Theron, senter P. van der Merwe en agsteman H. van Jaarsveld.

Twee van Oude Molen se drieë is deur die vleuels, R. Liebenberg en F. van der Merwe, gedruk. Die losskakel, C. Moore, het ook gaan druk en al drie drieë verdoel.

## S.A.U STOEI OP STELLENBOSCH

VANJAAR was die Matie Stoeiklub die gasheer van R.A.U., Tukkies, Kovsies en die Pukke wat hier aan die S.A.U.-kampioenskappe kom deelneem het.

Die toernooi is die 5e Julie in die D.F. Malan-sentrum aangebied, en stoei van 'n hoë gehalte is gesien, aangesien daar in elke span provinsiale verteenwoordigers was, asook 'n Springbok van Tukkies en ander wat al baie goed gevaar het op die S.A.-kampioenskappe en Springbok-proewe.



*DIE Matie-stoeiers tydens die SAU-kampioenskappe. Agter verskyn in die gewone volgorde J. le Roux, F. Vermaak (SAU-kampioen), L. Conradie, P. Stofberg en P. Venter. Voor sit P. Grobbelaar, W. Barnard, C. Basson en G. Bredenkamp.*

### SAU-KAMPIOEN

Vir die eerste keer in 'n hele klompie jare het die Maties ook weer 'n S.A.U.-kampioen opgelewer in die persoon van Fanie Vermaak, 'n kweekskool student wat verlede jaar sy Admissie-graad aan Bloemfontein behaal het. Die enigste ander medaljewenner in Matie-geledere was Gerhard Bredenkamp wat 'n brons medalje losgestoei het.

Die gehalte van die studentestoeiers het duidelik die volgende aand, 6 Julie, geblyk toe hulle 'n span van W.P. met 8-2 geklop het.

Die 23ste September is dit W.P.-kampioenskappe, en die span wat daar gekies word, sal volgende kwartaal teen die O.P. en Boland stoei. Soos in die verlede, hoop die Maties om weer eens goed te vaar en 'n paar W.P.-kampioene op te lewer.

## ELSENBURG

ELSENBURG het verlede Vrydagmiddag 'n oorwinning van 2 punte teenoor 0 oor die sterk span van Pieke behaal, en hiermee bewys dat hulle 'n span is waarmee deeglik rekening gehou moet word in die oorblywende wedstryde.

Van die begin af het Pieke se voorspelers pragtig saamgespeel en deurentyd gebiedsvoordeel gehad, maar namate die wedstryd gevorder het, het Elsenburg se voorspelers in die skrums en lynstane die oorhand gekry, en gou hul stempel op die wedstryd afgedruk.

### LYNSKOPPE

Rustyd was daar nog geen telling nie, maar na rustyd het Elsenburg se voorspelers die vaste spel oorheers, en in die proses goeie balle aan hul agterlyn besorg. Elsenburg se agterlyn het egter nooit daarin belang gestel om met die bal te hardloop nie, maar verkies om met lynskoppe te verseker dat hulle deurentyd op die aanval bly. Pieke het op hulle beurt baie goed verdedig, en hier moet die name van Pieke se twee flanke, Johnny de Lange en Boxie de Clerq genoem word.

### STRAFSKOP

In die vyf-en-twintigste minuut van die tweede helfte het die skeidsregter 'n strafskop aan Elsenburg gegee, wat hulle in punte omskep het.

## EENDRAG

IN 'n baie aanskoulike wedstryd het Eendrag vir Huis Visser met 12-10 geklop.

Indien die uitslag andersom was, kon 'n mens redeneer dat Eendrag ongelukkig sou wees om te verloor. Net so gaan die argument nou op dat Huis Visser ongelukkig was om te verloor. Albei spanne het met tye opportunistiese spel gelewer. Deurgaans was dit egter hard, en kon die losbal nie altyd so goed beheer word soos wat die toeskouers dit graag sou wou gehad het nie.

### DRIES COETZEE

Eendrag het eerste voorgeloop nadat Dries Coetzee gaan druk het en Pieter van Heerden geslaag het met die doelskop. Huis Visser het daarna twee keer punte aangeteken waarvan slegs A. Botha se drie omskep is in 'n doel. K. Venter se drie kon nie verdoel word nie. Laat in die tweede helfte het Eendrag knaend aangeval. Hulle is beloon met 'n skitterende drie deur Dries Coetzee wat onder die pale gaan druk het.

### A. BOTHA

Die koeël was deur die kerk. Tog het Huis Visser moedig probeer daarna en byna daarin geslaag om die wedstryd weer te laat swaai. Die naam van A. Botha aan Huis Visser se kant kan uitgesonder word saam met Dries Coetzee van Eendrag wat albei 'n puik wedstryd gespeel het. Dan kan mens ook nog die naam noem van J. Boonzaaier van Huis Visser wat net so 'n goeie wedstryd gehad het.

## WILGENHOF

MET 'n onoortuigende vertoning, slaag Wilgenhof daarin om Libertas met 26-6 te klop. Alle eer kom egter die bereidwillige Libertassers toe, wat van 'n saai affêre, 'n wedstryd gemaak het.

Wilgenhof se voorspelers het uitstekend begin; daarvan getuig die eerste twee drieë van Schmidt (kaptein) en Ennis (slot). Tog kon hulle nooit die wedstryd dikteer nie, en het veral in die lynstane en losspel goeie teenstand gekry. Hier moet die naam van O'Callahan, Libertas se flank, genoem word.

Teen rustyd was die telling slegs 10-2 in Wilgenhof se guns, met Libertas sterk op die aanval. Libertas het in die tweede helfte onder druk begin, wat gelei het tot 'n uitstekende drie deur Wilgenhof se vleuel, Jan Pelser.

Wilgenhof kon steeds nie sy krag konsolideer nie. Libertas is na verskeie goeie aanvalle, beloon met 'n onvervyfde drie deur Du Plessis (22-6). Die laaste drie van die wedstryd word deur Barrie, Wilgenhof se skrumskakel gedruk, nadat hy om die skrum beweeg het.

Wilgenhof se punte het gekom van drieë deur Schmidt, Ennis, Pelser, Barrie en Jakobz waarvan twee deur Nortje en een deur Brummer verdoel is. Libertas se punte het bestaan uit 'n drie deur Du Plessis en 'n strafskop deur Visser.

## Veldloop

*(Vervolg van bl. 16, kol. 2)*

kompetisies oortuigend.

Die grootste hoogtepunt is egter die jaarlikse Mainstay-padaflos in Port Elizabeth oor ses skofte van 6 myl elk. Die A-span bestaande uit Julian Marsay, Andries Krogmann, Johan Dreyer, John Donald, Lood Rabie en Danie Malan word die eerste span in die geskiedenis om dié wedloop onder 3 uur te voltooi, in 'n nuwe rekordtyd van 2 uur 59 minute en 42 sekondes. Dit was meer as 7 minute voor hul naaste teenstanders. Krogmann, Marsay, Dreyer en Donald stel ook almal nuwe skofrekords op.

Verder verower Matieland se span die W.P.-liga in die mans- en damesafdelings. Op 19 Augustus wen J. Marsay en L. de Wet die individuele titels tydens die W.P.-seniorkampioenskappe. In die manswedloop eindig 6 Maties onder die eerste tien.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

# EDUARD EN TRUDIE 1978 SE SPORTMAN EN — VROU



*Eduard le Roux, die Matie-sportman van 1978, hier in 'n keerwal afgeneem.*

EDUARD le Roux is verlede Vrydagaand by die Prestige-Kleuredinee as die Maties se Sportman van 1978 aangewys. Die Matie-Kanovaartklub moet gelukgewens word omdat hulle vir die tweede agtereenvolgende jaar die Sportman van die Jaar opgelewer het.

Die keuse van Eduard was geen verrassing nie. Hy is 'n baie gewilde sportman by mans sowel as dames. Dit is jammer dat Eduard ('n finalejaar ingenieurswese-student) soos Stefan Hugo, verlede jaar se wenner, moontlik volgende jaar vir Stellenbosch verlore gaan wees. Hy is nog onseker oor sy toekoms, maar die kanse is goed dat hy volgende jaar iewers in Transvaal sal wees.

### TRUDIE

Die groot verrassing van die aand was die aanwysing van Trudie Botha as die Sportvrou vir 1978. Die Standard Bank Wisseltrofee is aan haar oorhandig. Trudie het met haar skitterende prestasies in Oostenryk in hierdie bykans onbekende sportsoort getoon dat Stellenbosch 'n wydverspreide sporttalent het. Dit is net jammer dat daar op Stellenbosch nie die geleentheid is om hierdie sport/lewensredding ten volle te ontwikkel nie.

### OOM BUN

Die jaarlikse Prestige-Kleuredinee wat verlede Vrydagaand in die Sanlamsaal aangebied is, was 'n reuse sukses. Professor Bun Booyens, die seremoniemeester, het hom skitterend van sy taak gekwyt en gesorg dat alles vlot verloop. Sy humoristiese sêgoed het gesorg vir 'n ontspanne atmosfeer.

### HANNES MARAIS

Die eregas by die geleentheid was Oud-Springbokkaptein en -voorryman, Hannes Marais. Hy het in 'n treffende rede, Stellenbosch geprys vir die hoë kwaliteit Sportlui wat hier gekweek word. Hy het ook die Sportkleure-sertifikate aan die verskillende sportmanne en -vroue oorhandig.

Die Rektor het ook erekleure oorhandig aan agt studente. Hulle is Christopher Agenbag, Fanie Bergh, Hannes Koegelenberg, Pine Pienaar, Anton van Niekerk, Berdus Neethling, Johann Aspeling en Carel Jooste.

### SPORTMANKOMPETISIE

Die Sportman van die Jaar-kompetisie is gewen deur Leon (Spikkels) Visagie van Pieke. B. Saaiman van Dagbreek en Benti Czanik van Majuba was onderskeidelik tweede en derde.

# Skitterende seisoen vir veldwedlope

SKITTERENDE individuele prestasies, 'n spanpoging soos min, 'n ongeëwenaarde seisoen! Dit in kort is 'n getroue weergawe van die 1978 veldwedloopseisoen.

Die seisoen begin met 'n nuwe rekord tydens die intervarsity-padaflos teen Ikeys. Direk daarna tydens die eerste ligawedloop word die eerste drie plekke deur die Maties ingepalm. Die jaarlikse Dan Lock-padwedloop was 'n groot hoogtepunt. Julian Marsay en Andries Krogmann eindig saam eerste in 'n nuwe rekordtyd van 23 minute 20 sekondes oor 8 km. Dis 'n verbetering van 32 sekondes op die rekord van D. Malan en E. Bonzet. Die spankompetisie word ook maklik deur die Maties gewen.

### SAU-KAMPIOENSKAPPE

Van 2 tot 9 Julie bevind 60 Matie-atlete hulself in Johannesburg vir die SAU-kampioenskappe. Die berugte dun lug aan die Rand was sekerlik die grootste bedreiging vir die span. Nogtans wen Andries Krogmann en Julian Marsay die individuele titel en die Maties wen die spantitel met die grootste voorsprong deur enige span ooit. Dis ook die eerste keer dat 'n span van die kus dié titel in die binneland kon buit. Die SAU pádaflos oor 36 km word ook daar beslis. Ons span wen met meer as 5 minute en die vinnigste tye dié dag word deur A. Krogmann, J. Marsay en J. Dreyer opgestel. Die ander spanne wen ook hul onderskeie

*(Vervolg op bl. 15, kol. 5)*



*Trudie Botha, Springbokvarswater-lewensredder, wat die Matie-Sportvrou van die jaar is, hier in aksie. Die keuse is op grond van die lesers se voorkeure gedoen.*




**WYNAND FOURIE**

JA, so vinnig het 'n termyn verbygegaan. Die volgende Sportredakteur sal nou weer van voor af moet begin om sportlui, sportadministrateurs en dies meer te leer ken. Dit is natuurlik die groot nadeel van *Die Matie* dat jy skaars goed bekend is met die verskillende sporte, dan moet jy alweer plek maak vir 'n ander.

Ek wil sommer iets sê oor die algemene verhouding tussen *Die Matie* en Sportadministrateurs. Ek stem nie saam met die algemene houdings van 'n paar sportklubs nie. Daar word van die Sportredakteur verwag dat daardie betrokke sportsoort (hoe klein hy ookal is) gereeld in *Die Matie* publisiteit sal geniet. **Daar word egter vergeet dat *Die Matie* daar is in belang van sy lesers. Ons moet voorkeur gee aan dié sportsoorte wat die meeste lede het en wat die meeste aanhangers onder die publiek het.** Daarom moet rugby voorkeur kry.

### KONFRONTASIE

Ek is male sonder tal deur lede van die bestuur van 'n sportsoort gekonfronteer oor die publisiteit wat hulle in *Die Matie* kry. **Ek sou dan rugby "opblaas" en daarom is daar dan, sê hulle, so baie studente wat rugby speel.** Ek dink dit is onsin. *Die Matie* het slegs 'n beperkte invloed op die ledetal van sportsoorte.

Oor die algemeen moet ek darem sê dat ek goeie samewerking van die meeste bestuursliggame gekry het. Hier kan ek miskien net meld dat die



*Geoff Hunt, die wêreld se beste muurbalspeler, wat onlangs op Stellenbosch was.*

Netbalklub 'n spesiale bestuurslid het wat aan die pers verslag moet doen. Ek dink dit is 'n baie goeie maatreël, want baie keer as die Maties op 'n ander dorp deelneem, is daar nie 'n verslaggewer naby nie. *Die Matie* het dan gewoonlik baie moeite om die inligting te bekom. Ek stel voor dat Sportklubs iets aan die saak doen, want dit is tot hul eie voordeel.

### TAFELTENNIS

Die inter-manskoshuis tafeltennis het vanjaar weer groot belangstelling onder die Stellenbosse studente gewek deurdat 12 van die 13 koshuise hul ingeskryf het vir die kompetisie. Slegs Dagbreek kon nie vanjaar 'n span op die tafel bring nie.

### KOSHUISLIGA

In die koshuisliga, wat opgedeel word in drie ligas, speel daar hierdie seisoen 8 koshuise in die eerste liga, 12 in die tweede liga en 8 in die derde. In die lig van die feit dat die wedstryde oor 'n periode van veertien weke plaasvind en sommige koshuise loslootjies op verskillende stadia het, is daar tot op datum nie ewe veel wedstryde deur elke koshuis in 'n liga afgehandel nie. Hierdie wedstryde kan net gewen of verloor word sodat 'n gelykop uitslag nie moontlik is nie en die eindresultaat van die seisoen dikwels eers in die laaste wedstryde bepaal word.

### PUNTESTAND

Die puntestand ten opsigte van die drie koshuise wat die beste in elkeen van die ligas vaar is:

### TABEL I

Tans is dus Majuba, Helshoogte, Pieke en Huis Marais die krag in die intermanskoshuis tafeltennis en die finale uitslag sal voor 26 September beskikbaar wees.

### TABEL I

| Koshuis | Spelers | Uitslag speel | wen |
|---|---|---|---|
| **Eerste Liga** | | | |
| Helshoogte | W. Voigt | 6 | 6 |
| | R. Seton | | |
| Majuba | K. de Jager | 5 | 5 |
| | B. Ludik | | |
| Pieke | B. Squier | 4 | 7 |
| | K. Kritzinger | | |